



Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)

Tale

Afrikaans – Huistaal



DEPARTMENT OF EDUCATION
(Departement van Onderwys)

Gepubliseer deur die Departement van Onderwys

Sol Plaatje-huis
Schoemanstraat 123
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika

Tel: +27 12 312-5911
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika

Tel: +27 21 465-1702
Faks: +27 21 461-8110

<http://education.pwv.gov.za>

© 2002 Departement van Onderwys, Pretoria

ISBN 1-919917-58-X

Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sluit in:

1. 'n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings:
 - Tale
 - Wiskunde
 - Natuurwetenskappe
 - Sosiale Wetenskappe
 - Kuns en Kultuur
 - Lewensoriëntering
 - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
 - Tegnologie

AAN DIE LESER

Die Departement van Onderwys bied hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) met trots in al elf amptelike tale van Suid-Afrika aan.

Die proses van aanpassing en vertaling is kompleks en uitdagend. In baie gevalle moes die terminologie en bewoording vir die kurrikulum deur die mense wat met die dokumente gewerk het, ontwikkel word. Die dokumente is met kundiges in die veld getoets.

Die Departement van Onderwys beskou hierdie dokumente as die begin van 'n proses om ons tale te bevorder en te ontwikkel. Ons verwelkom en moedig mense in die veld aan om hierdie dokumente as grondslag vir verdere ontwikkeling te gebruik.

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

- Vir algemene inligting, verwys na:
 - *Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring* in hoofstuk 1 – Dit sal inligting oor uitkomsgebaseerde onderwys, die Hersiene Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en leerprogramme verskaf.
 - *Inleiding tot die Leerarea* in hoofstuk 1 – Dit sal ’n inleiding tot die leerareaverklaring, die kenmerke en omvang daarvan en die leeruitkomste verskaf.
 - *Leerderassessering* – Hierdie hoofstuk verskaf riglyne ten opsigte van assesseringsbeginsels in uitkomsgebaseerde onderwys, bespreek deurlopende assessering en verskaf voorbeelde van verslaghouding.
 - Die *Naslaanlyste* bevat sowel ’n algemene woordelys vir *kurrikulum en assessering* as ’n spesifieke *leerareawoordelys*.
- Hierdie boek bestaan uit verskeie hoofstukke. Daar is een hoofstuk vir elkeen van die fases van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Elkeen van hierdie hoofstukke het ’n kort inleidende gedeelte wat deur die assesseringstandaarde vir die fase gevolg word. Daar is ook ’n hoofstuk oor leerderassessering.
- Die assesseringstandaarde vir elke fase word op so ’n manier aangebied dat dit moontlik is om progressie te volg. Dit beteken dat soortgelyke assesseringstandaarde vir elke graad saam verskyn sodat die onderwyser progressie van jaar tot jaar kan nagaan. As gevolg hiervan is daar van tyd tot tyd oop ruimtes, want nie elke assesseringstandaard het ’n ooreenkomstige een in elke graad nie.
- Sekere simbole word regdeur die boek gebruik om die leser te help om inligting waarna sy of hy soek, op te spoor. Hierdie simbole is:



Assesseringstandaarde



Graad



Leeruitkoms

INHOUD

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING	1
Uitkomsgebaseerde Onderwys	1
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings	2
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme	2
Tydstoekenings	3
Assessering	3
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word	3
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word	3
INLEIDING TOT DIE TALE-LEERAREA – AFRIKAANS	4
Definisie	4
Die Toevoegende Benadering tot Veeltaligheid	4
Taal van Leer en Onderrig	5
Doel	5
Unieke Kenmerke en Omvang	6
Tale-leeruitkomste	6
HOOFSTUK 2: GRONDSLAGFASE (Graad R-3)	11
INLEIDING	11
Fokus	11
Taalontwikkeling, 'n Geleidelike Proses	11
'n Gebalanseerde Benadering tot Geletterdheidsontwikkeling	11
Voortbou op Kennis	12
Aanmoedigende Praktyk	12
Integrasie van Leeruitkomste	12
LEERUITKOMSTE	13
Leeruitkoms 1: Luister	13
Leeruitkoms 2: Praat	13
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	13

Leeruitkoms 4: Skryf	13
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	14
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	14
ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE	15
Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad R	15
Aanbevole Tekste	15
Leeruitkoms 1: Luister	16
Leeruitkoms 2: Praat	17
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	18
Leeruitkoms 4: Skryf	20
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	21
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	22
Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad 1-3	23
Aanbevole Tekste	23
Leeruitkoms 1: Luister	26
Leeruitkoms 2: Praat	30
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	34
Leeruitkoms 4: Skryf	42
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	48
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	52

HOOFSTUK 3: INTERMEDIËRE FASE (Graad 4-6) 59

INLEIDING	59
Fokus	59
Wyer Omvang van Tekste	59
Geïntegreerde Leeraktiwiteite	59
Breër en Gevarieerde Inhoud	59
LEERUITKOMSTE	60
Leeruitkoms 1: Luister	60
Leeruitkoms 2: Praat	60
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	60
Leeruitkoms 4: Skryf	60
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	61
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	61

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE	61
Aanbevole Tekste	62
Leeruitkoms 1: Luister	68
Leeruitkoms 2: Praat	72
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	76
Leeruitkoms 4: Skryf	82
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	86
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	90

HOOFSUK 4: SENIOR FASE (GRAAD 7-9)	99
-------------------------------------------	-----------

INLEIDING	99
Fokus	99

LEERUITKOMSTE	99
Leeruitkoms 1: Luister	99
Leeruitkoms 2: Praat	99
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	100
Leeruitkoms 4: Skryf	100
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	100
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	100

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE	101
Aanbevole Tekste	101
Die inhoud van tekste	102
Leeruitkoms 1: Luister	104
Leeruitkoms 2: Praat	108
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk	112
Leeruitkoms 4: Skryf	116
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer	120
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik	126

HOOFSTUK 5: LEERDERASSESSERING	135
INLEIDING	135
ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD	136
Definisie	136
Kernelemente	136
Doelstellings van Assessering	136
DEURLOPENDE ASSESSERING	137
Kenmerke van Deurlopende Assessering	137
Assesseringstrategieë	138
Algemene Assesseringstake	138
DIE BESTUUR VAN ASSESSERING	138
Mense betrokke by Assessering	138
Skoolassesseringsprogram	139
VERSLAGHOUDING	139
Verlagboeke	139
Kodes vir Gebruik vir Assessering	140
Nasionale Kodes	141
Vorderingskedules	141
Leerderprofiele	141
RAPPORTE	142
Inligting wat in Rapporte moet Verskyn	142
Rapporte/Verslagkaarte	143
NASLAANLYSTE	144
WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING	144
WOORDELYS: TALE	146

HOOFSTUK 1

INLEIDING

INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Aanhef tot die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Heel die verdelings van die verlede en skep 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte.
- Lê die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word.
- Verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens.
- Bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum speel 'n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doelwitte. Die kurrikulum is daarop gerig om die volle potensiaal van elke leerder as burger van 'n demokratiese Suid-Afrika te ontwikkel.

Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys vorm die grondslag vir die kurrikulum in Suid-Afrika. Dit strewende daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer. Dit word gedoen deur die uitkomst wat aan die einde van die proses bereik moet word, uiteen te sit. Die uitkomst beklemtoon 'n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bou die leeruitkomst vir die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir graad R-9 (vir skole) op die kritieke en ontwikkelingsuitkomst wat deur die Grondwet geïnspireer is en in 'n demokratiese proses ontwikkel is.

Die kritieke uitkomst stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- Identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke.
- Werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap.
- Organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend.
- Versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities.
- Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme.
- Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon.
- Begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomstestel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- Dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer.
- Neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel.
- Is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste.
- Ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede.
- Ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Vraagstukke soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/VIGS beïnvloed die graad waartoe en die manier waarop leerders aan skoling kan deelneem. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) volg 'n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Al die leerareaverklarings probeer om 'n bewustheid van die verband tussen sosiale geregtigheid, menseregte, 'n gesonde omgewing en inklusiwiteit te skep. Leerders word ook aangemoedig om kennis van en begrip vir die ryk diversiteit van hierdie land, insluitend die kulturele, godsdienstige en etniese komponente van hierdie diversiteit, te ontwikkel.

Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bestaan uit 'n Oorsig en agt Leerareaverklarings vir:

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Elke leerareaverklaring identifiseer die hoofleeruitkomst wat teen die einde van graad 9 bereik moet word. Elke leerareaverklaring spesifiseer ook die assesseringstandaarde wat dit moontlik sal maak om die leeruitkomst te bereik. Assesseringstandaarde word vir elke graad omskryf en beskryf die diepte en wydte van wat leerders behoort te weet en waartoe hulle in staat moet wees. Elke leerareaverklaring se assesseringstandaarde toon hoe konseptuele en vaardighedsontwikkeling oor tyd heen kan plaasvind. Assesseringstandaarde kan sowel binne grade as oor grade heen geïntegreer word. Die bereiking van 'n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen (waar nodig en opvoedkundig korrek) en konseptuele progressie is sentraal tot hierdie kurrikulum.

Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die bevordering van sowel toewyding as bevoegdheid onder onderwysers, wat verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie leerprogramme sal wees. Ten einde hierdie proses te steun, sal die Departement van Onderwys beleidsriglyne wat op elke leerareaverklaring gebaseer is, verskaf. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel ten einde voorsiening vir diversiteit te maak.

Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring se leerareaverklarings is ook onderliggend aan die leerprogramme. Terwyl die leerareas die begrippe, vaardighede en waardes stipuleer wat per graad bereik moet word, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteite vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word.

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomst vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme in die Intermediêre Fase besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoefte van leerders in 'n fase in ag geneem word. In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings.

Tydstoekennings

Kragtens die Wet of die Indiensneming van Opvoeders (1998), sal die formele skooldag vir opvoeders sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996), is die formele onderrigtyd per week 35 uur. Dit word uiteengesit in: (i) Oorsig-dokument ISBN 1-919917-08-X, bladsy 17 en 18
(ii) Staatskoerant nr. 23406, Vol. 443, Mei 2002, bladsy 26 en 27.

Assessering

Elke leerareaverklaring bevat 'n omvattende afdeling oor assessering. 'n Uitkomsgebaseerde raamwerk gebruik assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasievlak te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en om verdere leer aan te moedig.

Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Alle onderwysers en ander opvoeders lewer 'n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is. Hulle sal in staat wees om die verskeie rolle wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders beskryf word, te vervul. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfasies beskou.

Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat in die belange van 'n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree. Die kurrikulum stel in die vooruitsig 'n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as 'n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

INLEIDING TOT DIE TALE-LEERAREA – AFRIKAANS

Definisie

Die leerarea Tale sluit die volgende in:

- al elf amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga;
- tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) en die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (SAFSERT) goedgekeur is, naamlik Suid-Afrikaanse gebaretaal en Braille.

Die leerareaverklaring vir elke amptelike taal verskyn in drie afsonderlike dele: Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal.

In 'n veeltalige land soos Suid-Afrika is dit belangrik dat leerders 'n hoë taalbevoegdheidsvlak in minstens twee tale bereik en dat hulle in staat is om in ander tale te kommunikeer.

Die Toevoegende Benadering tot Veeltaligheid

Die Tale-leerarea volg die Departement van Onderwys se taal-in-onderwys-beleid. Hierdie beleid gee aan skoolbeheerrade die verantwoordelikheid om 'n taalbeleid vir skole te kies wat gepas vir hul omstandighede is en wat by die beleid van toevoegende veeltaligheid aansluit. Die Tale-leerareaverklaring verskaf 'n kurrikulum wat ondersteunend is van watter besluit 'n skool ook al neem. Dit volg 'n toevoegende benadering tot veeltaligheid:

- Alle leerders leer hul huistaal en minstens een addisionele amptelike taal.
- Leerders raak bevoeg in 'n addisionele taal, terwyl hul huistaal gebruik en ontwikkel word.
- Alle leerders leer 'n Afrika-taal vir minstens ses jaar teen die einde van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband. In sommige omstandighede kan dit as 'n tweede addisionele taal geleer word.

Die huis-, eerste en tweede addisionele taal word op verskillende maniere benader:

- Die huistaal-assesseringstandaarde veronderstel dat leerders wat skool begin, die taal kan verstaan en kan praat. Dit ondersteun die ontwikkeling van hierdie bevoegdheid, veral ten opsigte van verskillende soorte geletterdheid (lees-, skryf-, visuele en kritiese geletterdheid). Dit verskaf 'n sterk kurrikulum om die taal van onderrig en leer (TOL) te ondersteun.
- Die eerste addisionele taal veronderstel dat leerders nie noodwendig enige kennis van die taal het wanneer hulle skool begin nie. Die kurrikulum begin deur leerders se vermoë om die taal te verstaan en te praat, te ontwikkel. Op hierdie fondament word geletterdheid gebou. Leerders is in staat om die geletterdheid wat hulle in hul huistaal verwerf het, na die eerste addisionele taal oor te dra. Die kurrikulum verskaf sterk ondersteuning aan leerders wat hul eerste addisionele taal in die een of ander stadium tydens die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband as onderrigtaal sal gebruik. Teen die einde van graad 9 behoort hierdie leerders hul huis- en eerste addisionele taal doeltreffend en vrymoedig vir verskeie doeleindes, asook vir leer, te gebruik.
- Die tweede addisionele taal is bedoel vir leerders wat drie tale wil leer. Die derde taal kan 'n amptelike of 'n vreemde taal wees. Die assesseringstandaarde verseker dat leerders in staat is om die taal vir algemene kommunikatiewe doeleindes te gebruik. Daar word veronderstel dat minder tyd aan die leer van die tweede addisionele taal as aan die huistaal of eerste addisionele taal toegeken sal word.

Die Tale-leerarea maak voorsiening vir al elf amptelike tale as:

- huistaal;
- eerste addisionele taal; en
- tweede addisionele taal.

Taal van Leer en Onderrig

Daar word aanbeveel dat leerders se huistaal so ver moontlik vir die doel van leer en onderrig gebruik word. Dit is veral belangrik in die Grondslagfase wanneer kinders leer lees en skryf.

Indien dit vir leerders nodig is om vir leer en onderrig van hul huistaal na 'n addisionele taal oor te skakel, moet die oorskakeling noukeurig beplan word:

- Die addisionele taal behoort so vroeg moontlik as vak bekendgestel te word.
- Die huistaal behoort so lank moontlik saam met die addisionele taal gebruik te word.
- Indien 'n leerder by 'n skool inskryf waar die taal van onderrig en leer 'n addisionele taal vir die leerder is, behoort onderwysers en die skool voorsiening te maak vir spesiale ondersteuning en addisionele leer in die addisionele taal, totdat dit vir die leerder moontlik is om doeltreffend in die onderrigtaal te leer.

Doel

Taal is sentraal in ons lewens. Ons kommunikeer en verstaan ons wêreld deur taal. Taal vorm dus ons identiteit en ons kennis.

Tale het 'n aantal belangrike doelwitte wat in die Tale-leerareaverklaring weerspieël word. Dit is:

- *Persoonlik* – ontwikkel en handhaaf identiteit; handhaaf hegte verhoudings binne gesins-, familie- en gemeenskapsverband; vir persoonlike ontwikkeling en genot.
- *Kommunikasie* – kommunikeer gepas en doeltreffend in 'n verskeidenheid sosiale kontekste.
- *Opvoedkundig* – ontwikkel instrumente vir dink en redeneer en verkry toegang tot inligting.
- *Eстетies* – gaan skeppend en met verbeelding om met mondelinge, visuele en geskrewe tekste.
- *Kultureel* – toon begrip en waardering vir tale en kulture, asook vir die erfeniswaarde wat dit oordra.
- *Polities* – wees handhawend en bevraagteken ander; oorreed ander van 'n spesifieke standpunt; posisioneer self en ander; handhaaf, ontwikkel en transformeer identiteit.
- *Krities* – verstaan die verband tussen taal, mag en identiteit en bevraagteken die gebruike daarvan waar nodig; verstaan die dinamiese aard van kultuur; weerstaan, waar nodig, oorreding en posisionering.

Unieke Kenmerke en Omvang

Hoe dra die Tale-leerarea tot die kurrikulum by?

- Dit ontwikkel lees en skryf, wat die grondslag vir alle ander belangrike geletterdheidsvorme vorm.
- Dit is die medium waardeur 'n groot deel van ander leer in die kurrikulum plaasvind, soos in wiskunde en die sosiale wetenskappe.
- Dit moedig interkulturele begrip, toegang tot ander perspektiewe en 'n kritiese begrip van die konsep kultuur aan.
- Dit stimuleer verbeeldings- en skeppende aktiwiteite en bevorder sodoende die doelwitte van kuns en kultuur.
- Dit voorsien 'n manier van inligtingsoordrag en bevorder verskeie doelwitte van wetenskap-, tegnologie- en omgewingsopvoeding.
- Dit ontwikkel die kritiese bevoegdheidsnodig om verantwoordelike burgers te word.

Tale: 'n kombinasie van kennis, vaardighede en waardes

Daar is ses hoofleeruitkomst:

- Die eerste vier leeruitkomst dek vyf verskillende taalvaardighede (luister, praat, lees, kyk en skryf).
- Leeruitkoms 5 hou verband met die gebruik van taal vir dink en redeneer, wat veral belangrik vir die taal van leer en onderrig is. Hierdie leeruitkoms is nie in die kurrikulum vir tweede addisionele tale ingesluit nie, aangesien dit die doel van hierdie leeruitkoms is om leerders voor te berei om dit as die taal van leer en onderrig te gebruik.
- Leeruitkoms 6 hou verband met die kern van taal – klanke, woorde en grammatika – in tekste. Hierdie kennis word deur die taalvaardighede wat in die ander leeruitkomst beskryf word, toegepas.

Hierdie leeruitkomst is geskryf om op spesifieke soorte kennis en vaardighede te fokus, asook om dit duidelik en toeganklik te maak. Wanneer ons taal gebruik, integreer ons egter kennis, vaardighede en waardes om ons uit te druk. Die integrasie van hierdie taalaspekte deur die skeep en interpretasie van tekste is dus 'n sentrale beginsel van die Tale-leerareaverklaring.

Tale-leeruitkomst



Leeruitkoms 1: Luister

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Leeruitkoms 2: Praat

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Leeruitkoms 4: Skryf

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te gebruik.



Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

Die integrasie van leeruitkomste

Luister, praat, lees en kyk, skryf, dink en redeneer, en kennis van klanke, woorde en grammatika behoort, alhoewel dit as aparte leeruitkomste aangebied word, tydens onderrig en assessering geïntegreer te word.

Byvoorbeeld, leerders:

- luister na 'n spesifieke soort teks (soos 'n beskrywing van 'n proses soos goudelwery of papiermaak);
- lees en ontleed belangrike kenmerke van 'n ander teks van dieselfde soort (soos die gebruik van die teenwoordige tyd, passiewe vorm, verbindingswoorde soos “eers”, “dan”, “daarna”);
- ontwerp en skep 'n nuwe teks van dieselfde soort, insluitend visuele materiaal in die vorm van 'n vloeiagram.

Die skep en interpreteer van tekste

Om in staat te wees om tekste te skep en te interpreteer, benodig leerders kennis van taal, kennis van tekste, asook taalvaardighede en -strategieë.

Tekste kan die volgende insluit:

- mondeling, soos 'n toespraak;
- skriftelik, soos 'n brief;
- 'n kombinasie van skriftelike en visuele tekste, soos 'n advertensie;
- multimedia, soos 'n film- of televisieteks.

Kennis van taal en tekste sluit kennis rakende die volgende in:

- konteks – die doel, onderwerp en teikengroep;
- teksstruktuur, soos van 'n gedig of advertensie;
- taalverwante sosiale gebruike en konvensies, soos groetvorme in verskillende tale;
- grammatika, klanke en woordeskat van die taal;
- skryf en spelling in geskrewe tekste;
- beelde en ontwerp in visuele tekste.

Integrasie van die leer van taal: waardes

Alle tekste dra waardes oor wat positief (bv. demokraties) of negatief (bv. seksisties, rassisties) kan wees. Hierdie waardes is nie altyd ooglopend nie. Leerders behoort bewus van en krities te wees oor waardes in die tekste wat hulle lees, waarna hulle kyk en wat hulle self skeep.

Wanneer hulle waardes in mondelinge, visuele en geskrewe tekste ontleed en, waar nodig, bevraagteken, sal leerders:

- leer hoe tekste 'n bepaalde standpunt teenoor mense en gebeure oordra;
- die kritiese vaardighede ontwikkel om hierdie standpunte en die gepaardgaande waardes te ondersoek en, indien nodig, te verwerp;
- bewus raak van hoe hulle waardes uitdruk wanneer hulle self tekste skeep – soos verdraagsaamheid, empatie, respek, genot, humor, speelsheid, ontevredenheid, woede.

Integrasie van die leer van taal: temas

Taalleer kan ook deur temas geïntegreer word. Die gebruik van 'n tema laat die leerder toe om woordeskat wat by die onderwerp aansluit, op te bou.

'n Sorgvuldige keuse van onderwerpe en temas prikkel die leerder se belangstelling. Om dit te bewerkstellig, behoort die onderwyser die volgende te doen:

- Vind 'n balans tussen onderwerpe en temas wat meisies en seuns en plattelandse en stedelike leerders interesseer, en temas wat hierdie verdelings oorbrug en leerders verenig.
- Kies onderwerpe wat relevant tot leerders se lewens is en hulle tog verby dit wat hulle reeds weet, neem. Hulle kan byvoorbeeld van ander lande en kulture leer.
- Kies temas en onderwerpe wat by die kritieke uitkomst en die ontwikkelingsuitkomst aansluit. Leerders behoort byvoorbeeld 'n bewustheid te ontwikkel van belangrike menseregte- en omgewingskwessies, soos armoede, MIV/VIGS, die reg op grond, en verbruikersdruk.

Menseregte en omgewingsgeregtigheid

Taal is 'n belangrike instrument om begrip van menseregte en omgewingsgeregtigheid te ontwikkel. Deur die assesseringstandaarde wil die Tale-leerareaverklaring hierdie instrument tot sy volle potensiaal ontwikkel. Leerders behoort vrymoedige tweetaliges (of veeltaliges) te word wat die kritiese instrumente het om hul wêreld en die mondelinge en geskrewe tekste daaroor te lees. Hulle behoort in staat te wees om hierdie tekste op maniere wat moontlikhede ten opsigte van sowel menseregte as omgewingsgeregtigheid verbreed, te "herskryf".



HOOFSTUK 2

GRONDSLAFASE

(Graad R-3)

INLEIDING

Alle leerders begin skool met reeds bestaande kennis van en 'n hoë bevoegdheidsvlak in hul huistaal. Hierdie kennis het hulle deur 'n verskeidenheid interaksies in hul tuisomgewing bekom – deur versorging, opvoeding en speel. Omdat leerders se tuisomgewings verskil, sal die kennis wat hulle skool toe bring, ook verskil. Wat hulle weet, behoort egter in hul taalontwikkeling gebruik te word. Dit is sentraal tot hul persoonlike groei, hul interaksie met ander en hul toegang tot leer en tot die wêreld rondom hulle. In die volgende afdeling word die volgende kortliks verduidelik:

- die leerder se reeds bestaande kennis;
- die leeromgewing;
- beginsels en benaderings onderliggend aan hierdie kurrikulum.

Fokus

Wanneer leerders met graad R en 1 begin, het hulle reeds baie geleer deur te luister en kan met verskillende grade van vlotheid en selfvertroue praat. Hulle is grootgemaak met die kultuur, tradisies en kennis wat 'n deel van hul tuisomgewing is, en dit vorm 'n deel van hul taalkennis. Die klaskamer behoort 'n ruimte te wees waar dit wat leerders weet, geprys, gerespekteer en verder ontwikkel word.

Taalontwikkeling, 'n Geleidelike Proses

Die beginsel wat die onderrig en leer van geletterdheid in hierdie kurrikulum onderlê, is die feit dat taalontwikkeling 'n geleidelike proses van verbetering behels. Foute vorm 'n natuurlike deel van hierdie proses en leerders se taal sal, met ondersteuning, al hoe akkurater raak algaande hulle meer geleentede vir die ontwikkeling van hul taalkennis en -vaardighede kry.

'n Gebalanseerde Benadering tot Geletterdheidsontwikkeling

In hierdie kurrikulum word 'n “gebalanseerde benadering” tot geletterdheidsontwikkeling gevolg. Dit is “gebalanseerd” omdat dit met leerders se vormende geletterdheid begin, dit hulle by die lees van die regte boeke betrek, hulle vir werklike doeleindes laat skryf en omdat dit aandag aan klanke skenk. Dit is die dinge wat leerders moet weet en doen om te leer om suksesvol te lees en skryf. Met verwysing na lees, beteken dit 'n wegbeweeg van 'n “leesgereedheidsbenadering” waarvolgens kinders nie gereed vir lees en skryf is voordat hulle sekere subvaardighede soos ouditiewe onderskeiding, visuele onderskeiding en die ontwikkeling van klein en groot motoriese vaardighede op 'n sekere vlak bereik het nie.

Volgens die gebalanseerde benadering:

- hoef hierdie vaardighede nie in plek te wees voordat 'n leerder kan begin lees en skryf nie;
- kan en behoort hierdie vaardighede gedurende 'n kind se vroeë leerervaringe ontwikkel te word.

Voortbou op Kennis

Die Tale-kurrikulum herken dat leerders se kennis van geskrewe taal vanaf hul eerste blootstelling aan lees en skryf tuis, in hul omgewing en tydens hul voorskoolse jare begin ontwikkel. Om hierdie proses voort te sit, behoort die klaskamer 'n omgewing te wees wat leerders aanmoedig om toenemend vaardige lesers en skrywers te raak.

Aanmoedigende Praktyk

Volgens die kurrikulum behoort onderwysers die volgende te doen:

- Moedig leerders aan om wyd te lees en ondersteun hulle.
- Skep gereeld geleentheid vir leerders om te skryf en om hul woordeskat en taalgebruik uit te brei en te ontwikkel.
- Help leerders om tegnieke en strategieë te ontdek wat hulle help om die “kode” van die geskrewe woord te ontsluit, byvoorbeeld:
 - die ontwikkeling van verskillende woordherkennings- en begripsvaardighede soos klankbewustheid (sensitiwiteit vir die klank van taal);
 - kennis van letter-klank-ooreenstemming (klanke);
 - kennis van samesmelting (wanneer twee of drie letters saam een klank voorstel).

Integrasie van Leeruitkomst

Daar moet besef word dat die leeruitkomst saamwerk om leerders se taalvaardigheid te ontwikkel. Voorbeelde van tekste (mondeline, geskrewe, visuele en multimedia) wat leerders en onderwysers in staat stel om hierdie integrasie uit te voer, word aan die begin van die assesseringstandaarde voorgestel. Onthou, daar kan nie van leerders verwag word om 'n taal te praat wat hulle nog nooit gehoor het nie, of om tekste wat hulle nog nooit gelees of gesien het nie, te skryf of te skep.

LEERUITKOMSTE



Leeruitkoms 1: Luister

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Die luistervaardighede wat leerders skool toe bring, behoort verfynd en gebruik te word om hulle praat-, lees-, kyk- en skryfvaardighede te ontwikkel. Aktiewe luister is sentraal tot leer, asook tot die ontwikkeling van beleefde verhoudings. Leerders kan luister om hul kennis van hul eie en ander tale en kulture uit te brei.



Leeruitkoms 2: Praat

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Leerders behoort in staat te wees om hul kommunikasievaardighede doeltreffend oor kultuur- en taalgrense heen te gebruik. Hulle behoort deur ervaring te leer dat veeltaligheid tot persoonlike en sosiale verryking lei. Hulle behoort te leer om met mense met spraak- en gehoorgebreke te kommunikeer en sensitief vir hul behoeftes te wees.



Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Lees vir betekenis is die hoofdoel. Tegnieke en strategieë wat leerders help om toenemend akkuraat te lees, ondersteun lees vir betekenis. Lees (insluitend visuele en multimedia-tekste) is noodsaaklik vir taalontwikkeling, om te leer skryf, vir genot, persoonlike groei en om oor die wêreld te leer.



Leeruitkoms 4: Skryf

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

In die Grondslagfase werk leerders om hierdie leeruitkoms te bereik. Hulle leer dat skrif betekenis oordra en dat hulle daardie betekenis self skep. Hulle ontwikkel hul handskrifvaardighede om in staat te wees om hul gedagtes en idees aan te teken sodat ander dit kan lees. Hulle leer hoe om skryfkonvensies soos spelling en leestekens te gebruik om hul skryfwerk verstaanbaar vir ander te maak. Hulle leer dat skryf 'n proses is wat die volgende insluit: pre-skryf, konsepskryf (kladwerk), hersiening, redigering, illustrasie en publikasie.



Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Die vaardighede in hierdie leeruitkoms vorm deel van alle aspekte van taalleer. Die rede vir die insluiting hiervan as 'n afsonderlike leeruitkoms is om die belangrikheid daarvan in die ontwikkeling van taal oor die kurrikulum heen te beklemtoon. Tale kan as 'n “toegangs”-leerarea beskou word: dit maak dit vir leerders moontlik om al hul ander vakke te leer. Onderwysers behoort dus voortdurend die taalgereedskap vir dink en redeneer te ontwikkel, vas te lê en te konsolideer. Dit kan nie in isolasie plaasvind nie – leerders moet hierdie vaardighede in alle leerareas toepas.



Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

Leerders sal begin ondersoek hoe taal werk. Hulle sal begin om 'n gedeelte taal te ontwikkel om oor taal te praat ('n “metataal”). Hulle sal byvoorbeeld terme soos “klank”, “woord”, “sin” en “punt” leer en gebruik. Dit sal hulle in staat stel om oor dinge soos hoe woorde gespel word en hoe enkelvoudige sinne saamgestel en gepunktueer word, na te dink en dit te bespreek.

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

Let Wel:

- In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalleer gebruik kan word, word verskaf. Dit is nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.
- Onderwysers moet in gedagte hou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Dit is nodig dat begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R in graad 1 onderrig en vasgelê word.

Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad R



Graad R

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Stories (dikwels gedramatiseer met 'n refrein of koor waaraan leerders kan meedoen)
- Eenvoudige aanwysings
- Vertellings
- Aksierimpies
- Eenvoudige beskrywings
- Liedjies
- Speletjies

Visueel/Geskrewe:

- Prenteverhale en -boeke met baie eenvoudige byskrifte
- Prentegkaarte
- Bekende advertensies en plakkate
- Foto's

Multimedia:

- Televisie
- Kinderfilms



Leeruitkoms 1

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister aandagtig na vrae, instruksies en aankondigings en reageer gepas.
- Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir die spreker te toon en beurte te neem om te praat.
- Luister met genot na mondelinge tekste (eenvoudige liedjies, rympies, kort gedigte en stories) en toon begrip:
 - voer dele van die storie, liedjie of rympie op;
 - doen mee aan refreine op die gepaste tyd;
 - teken 'n prent van die storie, liedjie of rympie;
 - let besonderhede op en gee die hoofidee van 'n mondelinge teks;
 - plaas prente in die regte volgorde.
- Ontwikkel klankbewustheid:
 - herken dat woorde uit klanke bestaan;
 - onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde;
 - verdeel mondelinge sinne in afsonderlike woorde (gebruik eers eenlettergrepige woorde);
 - herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies soos “Wielie Wielie Walie, die aap sit op die balie”.

Graad R



Leeruitkoms 2

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Assesseringsstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gesels oor eie gesin, familie en maats.
- Druk eie gevoelens uit, asook dié van ware of denkbeeldige mense.
- Sing en resiteer eenvoudige liedjies en rympies.
- Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie (soos maak rymwoorde op).
- Stel vrae wanneer sy/hy nie verstaan nie of verdere inligting benodig en reageer duidelik op vrae wat aan haar/hom gestel word.
- Dra boodskappe oor.
- Gesels oor eie ervarings.
- Vertel eie stories en vertel ander se stories in eie woorde oor.
- Neem vrymoedig en vlot aan 'n groep deel.
- Toon sensitiwiteit in gesprek met ander.
- Rolspeel verskillende soorte spraakvorme (soos 'n telefoongesprek).

Graad R



Leeruitkoms 3

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:
 - bekyk en ondersoek prente en foto's noukeurig om algemene voorwerpe en ervarings te herken;
 - identifiseer 'n prent of figuur in die agtergrond;
 - skep sin uit prenteverhale;
 - pas prente en woorde bymekaar;
 - gebruik illustrasies om eenvoudige onderskrifte in storieboeke te verstaan.
- Rolspeel lees:
 - hou 'n boek met die regte kant bo, blaai op die regte manier om, kyk na woorde en prente en verstaan die verband daartussen, gebruik prente om idees te bou;
 - onderskei tussen prente en skrif (wys byvoorbeeld, terwyl hy/sy "lees", na woorde eerder as prente).
- Skep betekenis uit geskrewe teks:
 - verstaan die doel van skrif, naamlik dat dit betekenis oordra (soos dat 'n geskrewe woord haar/sy naam kan voorstel);
 - "lees" in 'n groep saam met die onderwyser;
 - maak verbande met eie ervarings wanneer hy/sy saam met die onderwyser "lees" en televisie of na prente kyk;
 - beskryf en gee die mening van karakters in stories of TV-programme.

Graad R



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Begin om letters en woorde te herken en betekenis daaruit te skep:
 - herken dat geskrewe woorde na gesproke woorde verwys;
 - herken en lees hoëfrekwensiewoorde soos sy/haar eie naam en gedrukte teks in die omgewing, soos STOP;
 - “lees” prenteboeke met eenvoudige onderskrifte of sinne.
- Begin om klankbewustheid te ontwikkel:
 - herken beginkonsonante en kort vokale;
 - herken en benoem sommige algemene alfabetletters, soos die letter waarmee sy/haar naam begin;
 - herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies;
 - begin om alfabetletters in verskeie kontekste te herken en benoem (veral letters uit bekende handelsname en tydskrif- en koerantname).



Leeruitkoms 4

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Eksperimenteer met skryf:
 - skep en gebruik tekeninge om 'n boodskap oor te dra en as 'n vertrekpunt om te skryf;
 - vorm letters op verskeie maniere (soos deur dit met die liggaam te vorm, in sand te skryf);
 - verstaan dat skryf en teken verskillend is;
 - “skryf” en vra ander om die betekenis van dit wat “geskryf” is, te gee;
 - gesels oor eie tekeninge en “skryfwerk”;
 - rolspeel “skryf” vir 'n doel (soos 'n telefoonboodskap, inkopielys);
 - gebruik bekende letters en syfers (of benaderings daarvan) om geskrewe taal voor te stel, veral letters in eie naam en syfers in eie ouderdom;
 - “lees” sy/haar eie vormende skryfwerk wanneer gevra word om dit te doen;
 - toon in sy/haar eie skryfpogings 'n groeiende bewustheid van rigting (skryf van links na regs, bo na onder);
 - boots geskrewe teks uit die omgewing na (soos etikette op huishoudelike items, advertensies);
 - wend pogings aan om bekende skryfvorme soos lysste, boodskappe of briewe te skryf deur letters wat hy/sy ken, te gebruik;
 - hanteer skryfinstrumente soos kryt en potlode.

Graad R



Leeruitkoms 5

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:
 - toon ontwikkelende kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom, volgorde.
- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille;
 - pas dinge wat saam hoort, bymekaar en vergelyk dinge wat verskillend is;
 - klassifiseer dinge (soos sit alle speelgoed in houer, boeke op rak, kryt in blik);
 - identifiseer dele van 'n geheel (soos liggaamsdele).
- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae en soek verduidelikings;
 - gee verduidelikings en bied oplossings aan;
 - los woordraaisels op en voltooi dit.
- Verwerk inligting:
 - identifiseer geselekteerde inligting uit 'n beskrywing.

Graad R



Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bring klanke in verband met letters en woorde:
 - herken dat woorde uit klanke bestaan;
 - herken die klanke aan die begin van sommige woorde;
 - verdeel gesproke meerlettergrepige woorde in lettergrepe (kan bv. die lettergrepe in 'n woord soos “va-kan-sie” klap of uittik).
- Werk met woorde:
 - groepeer woorde, soos woorde wat rym;
 - identifiseer 'n woord, 'n letter en 'n spasie in drukskrif.
- Werk met sinne:
 - teken twee of meer prente wat op mekaar volg en 'n storie vorm;
 - identifiseer die korrekte gebruik van die hoofletter in eie naam en dié van ander;
 - dra idees oor deur beskrywings en aksiewoorde te gebruik.
- Werk met tekste:
 - gesels oor tekste (soos stories) deur terme soos “begin”, “middel” en “einde” te gebruik.
- Gebruik taal vir interaksie:
 - gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos “dankie” en “asseblief”);
 - identifiseer betekenis wat deur 'n verandering in stemtoon oorgedra word.

Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad 1–3



Graad 1

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Vertellings (soos eenvoudige stories, fabels, legendes)
- Instruksies wat toenemend ingewikkeld is
- Eenvoudige beskrywings
- Stories van gebeurtenisse
- Aksierimpies
- Liedjies
- Gedigte
- Speletjies

Visueel/Geskrewe:

- Eenvoudige stories
- Lyste (soos inkopielyste)
- Instruksies (soos hoe om 'n papiervliegtuig te maak)
- Eenvoudige beskrywings
- Eenvoudige informatiewe tekste (soos boeke oor vorms, diere, skulpe)
- Eenvoudige woordprobleme (wiskunde)
- Gedigte
- Speletjies (soos bordspeletjies)
- Prenteboeke
- Prentegkaarte
- Eenvoudige diagramme
- Naslaanboeke soos woordeboeke

Multimedia:

- Televisie
- Kinderfilms
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)



Graad 2

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Vertellings (soos stories, fabels, legendes)
- Instruksies wat toenemend ingewikkeld is
- Lyste
- Beskrywings
- Dialoë en gesprekke
- Rympies
- Liedjies
- Gedigte
- Pysliedere en -gedigte
- Speletjies
- Oudiobande (soos van radioverhale)
- Bekende advertensies
- Raaisels en grappe

Visueel/Geskrewe:

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Instruksies
- Reëls (soos die reëls vir 'n speletjie)
- Roosters
- Uitnodigings
- Groetkaartjies
- Diagramme
- Vorms (soos vir kompetisies)
- Staafdiagramme
- Woordraaisels (soos blokkiesraaisels)
- Foto's
- Tydskrifprente en -advertensies

Multimedia:

- Televisie
- Kinderfilms
- Eenvoudige TV-advertensies
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)



Graad 3

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Vertellings (soos stories, fabels, legendes, mites)
- Instruksies wat toenemend ingewikkeld is
- Lyste
- Beskrywings
- Dialoë en gesprekke
- Liedjies
- Gedigte
- Speletjies
- Raaisels en grappe
- Radio-uitsendings (stories, aankondigings, nuus, weer, onderhoude)

Visueel/Geskrewe:

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Koerante
- Naslaanboeke (soos woordeboeke, kinderensiklopedieë, handboeke uit ander leerareas)
- Inhoudsopgawes en indekse
- Eenvoudige boekresensies
- Pamflette
- Advertensies
- Dagboeke
- Tydskrifte
- Strokiesprente
- Foto's
- Vloiediagramme
- Kopkaarte
- Kaarte

Multimedia:

- Televisie
- Films
- TV-advertensies
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)

Graad 1



Leeruitkoms 1

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister aandagtig na instruksies en aankondigings en reageer op 'n gepaste manier.
- Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te verkry.
- Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip:
 - luister vir die hoofidee en belangrike besonderhede in die storie;
 - voer dele uit 'n storie, liedjie of rympie op;
 - doen mee aan refreine;
 - teken 'n prent van die storie en skryf 'n paar woorde daaroor;
 - plaas prente in die regte volgorde en pas onderskrifte by prente;
 - beantwoord oop vrae oor die storie;
 - druk eie gevoelens oor die storie uit;
 - herhaal die volgorde van idees.
- Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies.
- Luister na boodskappe en dra dit korrek oor.

Graad 2



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister vir 'n langer tydperk aandagtig en reageer op 'n stel ingewikkelder instruksies.
- Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en, indien gepas, kommentaar te lewer op dit wat gehoor is.
- Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:
 - luister vir die onderwerp of hoofidee;
 - luister vir besonderhede;
 - voorspel wat gaan gebeur;
 - vertel 'n reeks gebeurtenisse of idees in 'n teks oor;
 - beantwoord vrae oor 'n mondelinge teks;
 - druk gevoelens oor 'n mondelinge teks uit en gee redes;
 - bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks.
- Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies.
- Luister na 'n spreker wat sy/hy nie kan sien nie (soos oor die telefoon) en reageer op vrae en instruksies.

Graad 3



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister aandagtig en reageer op 'n uitgebreide stel instruksies gepas vir sy/haar vlak.
- Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en dit wat gehoor is, op te som of kommentaar daarop te lewer.
- Herken en toon respek vir verskillende taalvariëteite.
- Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:
 - luister vir die onderwerp of hoofidee;
 - luister vir besonderhede;
 - voorspel wat gaan gebeur;
 - vertel 'n reeks gebeurtenisse of idees in 'n teks oor;
 - beantwoord vrae oor 'n mondelinge teks;
 - druk gevoelens oor die teks uit en gee redes daarvoor;
 - bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks;
 - teken prente om begrip van 'n mondelinge teks te illustreer en skryf dit in eie woorde.
- Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies.
- Luister na 'n spreker wat hy/sy nie kan sien nie (soos oor die radio, interkom) en reageer op vrae en instruksies.

Graad 1



Leeruitkoms 1 Vervolg

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel klankbewustheid:
 - onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde;
 - herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies soos “Wielie Wielie Walie, die aap sit op die balie”;
 - herken meervoude (“-e” en “-s”) en “ge-” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd.

Graad 2



Asseseringstandaarde

(Daar is geen verdere asseseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 2 nie.)

Graad 3



Asseseringstandaarde

(Daar is geen verdere asseseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 3 nie.)

Graad 1



Leeruitkoms 2

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gesels oor eie ervarings, gevoelens en nuus.
- Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik.
- Sing, resiteer, mimiek en voer liedjies, gedigte en rympies op.
- Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie.
- Dra boodskappe oor.
- Vertel eie ervarings in volgorde oor.
- Vertel 'n bekende kort storie wat 'n begin, middel en einde het, indien nodig met behulp van prente.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure.
- Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie (soos om grappe en raaisels te vertel, woordspelletjies te speel en eie rympies op te maak).
- Skep en vertel eenvoudige stories met 'n begin, middel en einde deur beskrywende taal te gebruik en herhaling te vermy.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure en druk gevoelens en menings daaroor uit.
- Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie (soos om grappe en raaisels te vertel, eie gedigte en kodetaal te skep).
- Skep en vertel eenvoudige stories met 'n begin, middel en einde deur beskrywende taal te gebruik, herhaling te vermy en elemente van intrige en karakterisering te gebruik.
- Gebruik verskillende gesigsuitdrukkings en gebare wanneer sy/hy 'n storie vertel.

Graad 1



Leeruitkoms 2 Vervolg

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra tot klas- en groepbesprekings by:
 - neem beurte, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - doen ná groepwerk namens die groep verslag;
 - reageer op vrae wat deur luisteraars gestel word.

- Gebruik taal gepas vir verskillende geleenthede en met verskillende mense:
 - voer 'n onderhoud met 'n volwasse besoeker aan die klas;
 - rolspeel relevante situasies, soos om nuwe maats te maak;
 - wissel stemtoon en -volume.

Graad 2



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem deel aan klas- en groepsbesprekings:
 - inisieer onderwerpe tydens groepsbesprekings;
 - neem beurte en stel gepaste vrae;
 - stel idees voor en brei daarop uit;
 - toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - lewer terugvoering oor groep se werk;
 - stel vrae om duidelikheid en inligting te verkry;
 - beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde;
 - gee opbouende terugvoering aan ander.
- Stel maniere voor om probleme op te los.
- Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en met verskillende mense (voer onderhoude, doen rolspel).
- Gebruik gepaste volume en intonasie – praat byvoorbeeld sagges met 'n maat in die klas en harder op die speelgrond.

Graad 3



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem deel aan klas- en groepsbesprekings:
 - inisieer onderwerpe tydens groepsbesprekings;
 - neem beurte en stel relevante vrae;
 - stel idees voor en brei daarop uit;
 - toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - maak 'n opsomming van 'n groep se werk;
 - stel vrae om duidelikheid en inligting te verkry;
 - beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde;
 - gee opbouende terugvoering aan ander.
- Voer onderhoude met mense vir 'n spesifieke doel.
- Doen mondelinge aanbiedings (soos oor 'n gegewe onderwerp, onderhoude gevoer, terugvoering oor 'n velduitstappie):
 - ontwikkel klasriglyne vir 'n goeie aanbieding met steun en hulp van onderwyser;
 - beskryf wat hy/sy gaan aanbied en hoe;
 - gebruik visuele hulpmiddele om mondelinge aanbieding aan te vul;
 - gebruik basiese strategieë om luisteraars te boei (maak byvoorbeeld oogkontak);
 - wissel volume en stemtoon.
- Raak betrokke by gesprekvoering as 'n sosiale vaardigheid.

Graad 1



Leeruitkoms 3

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:
 - voorspel na aanleiding van 'n boekomslag waaroor die storie handel;
 - gebruik illustrasies om die betekenis van stories te interpreteer en vertel 'n storie;
 - interpreteer inligting, insluitend eenvoudige tabelle en grafiese beelde wat in die gedrukte media en advertensies aangetref word, soos almanakke en roosters; MIV/VIGS-plakkate).
- Rolspeel lees:
 - hou die boek met die regte kant bo;
 - blaai die bladsye op die regte manier om;
 - kyk na woorde en prente;
 - gebruik prente om idees te vorm.
- Skep betekenis uit geskrewe teks:
 - lees 'n storie saam met die onderwyser en:
 - ▶ bespreek die hoofidee,
 - ▶ identifiseer die besonderhede (bv. hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond),
 - ▶ sê of sy/hy daarvan hou en waarom.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:
 - voorspel na aanleiding van 'n boekomslag waaroor die storie handel;
 - ten opsigte van beelde, die gedrukte media en advertensies:
 - ▶ interpreteer die hoofboodskap,
 - ▶ identifiseer die doel, teikengroep en waar dit aangetref word,
 - ▶ druk persoonlike reaksie op beelde in druk en in die media uit.

- Skep betekenis uit geskrewe teks:
 - lees 'n storie alleen of saam met die onderwyser en:
 - ▶ beskryf die hoofgedagte,
 - ▶ identifiseer kernbesonderhede (soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond),
 - ▶ identifiseer en bespreek kultuurwaardes in die storie,
 - ▶ identifiseer die verband tussen oorsaak en gevolg (waarom iets in 'n storie gebeur),
 - ▶ maak gevolgtrekkings,
 - ▶ dui aan of hy/sy van die storie hou of nie, en waarom;
 - lees eenvoudige instruksies in die klaskamer;
 - lees tekste van 'n effens ingewikkelder vlak (eenvoudige fiksie- en nie-fiksie-boeke, eenvoudige aanwysings, uitnodigings en groetkaartjies, woordraaisels, ens.).

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik visuele en prentleidrade om betekenis te skep:
 - lees grafiese tekste soos prente, foto's, kaarte, vloeiagramme, diagramme en:
 - ▶ verduidelik die betekenis en doel daarvan mondelings of skriftelik,
 - ▶ gebruik die inligting op 'n gepaste manier, soos 'n kaart vir rigting,
 - ▶ evalueer die beeld in terme van ontwerpkenmerke en doeltreffendheid.

- Skep betekenis uit geskrewe teks:
 - lewer kommentaar op 'n storie of gedig wat hy/sy gelees het en toon begrip deur vrae oor die volgende te beantwoord:
 - ▶ hoofidee,
 - ▶ kernbesonderhede soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond, kultuurwaardes,
 - ▶ die verband tussen oorsaak en gevolg,
 - ▶ gevolgtrekkings (soos: Wat leer ons uit hierdie storie/fabel?),
 - ▶ het hy/sy van die storie gehou? Waarom of waarom nie?
 - lees instruksies wat met hul ware belangstellings en behoeftes verband hou;
 - lees 'n wye verskeidenheid redelik komplekse tekste soos fiksie- en nie-fiksie-boeke, inhoudsopgawes en indekse.

Graad 1



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks:
 - lees eenvoudige geskrewe stof (etikette, stories, ens.) vir verskillende doeleindes;
 - lees eie skryfwerk en dié van klasmaats;
 - gebruik klank- en woordherkenningsvaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekodeer (byvoorbeeld visuele leidrade soos woord- en letterpatrone, prenteleidrade, kontekstuele leidrade en letter-klank-verhoudings).

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste:
 - lees met toenemende spoed en vlotheid;
 - lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem;
 - gebruik klank- en ander woordherkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspellings ten einde 'n teks te verstaan;
 - gebruik selfkorrigeringsstrategieë soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor hy/sy dit hardop sê.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees tekste op hul eie en gebruik 'n verskeidenheid strategieë om betekenis te skep:
 - lees 'n geskrewe teks vlot en met begrip:
 - ▶ spreek woorde akkuraat uit tydens luidlees,
 - ▶ lees ekspressief met gepaste klem, pouse en intonasie tydens luidlees,
 - ▶ gebruik woordherkennings- en begripsvaardighede om onbekende tekste te lees, soos klanke, kontekstuele leidrade, voorspelling,
 - ▶ gebruik 'n verskeidenheid metodes om lees outomaties te monitor en te verbeter, soos herlees, lees verder, pousering, oefen die woorde voor hy/sy dit hardop sê.

Graad 1



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel klankbewustheid:
 - herken en benoem alfabetletters;
 - verstaan die verskil tussen lettername en letterklanke;
 - verstaan dat lettername dieselfde bly, maar dat die klanke wat dit voorstel, kan verander;
 - verstaan die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en kort vokale in woorde soos “mat”, “bal”;
 - verdeel eenvoudige woorde met enkelbeginkonsonante en kort vokale (KVK-patroon) in die eerste klank en die tweede deel van die lettergreep, soos “k-at”, “m-at”, “v-at”, “w-at”;
 - herken tweeletterkombinasies aan die begin van woorde, soos “gr-oen”, “bl-om”;
 - herken sommige hoëfrekwensiesigwoorde soos “die”, “’n”, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy/haar eie naam en gedrukte teks in die omgewing.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel klankbewustheid:
 - herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos in “moet”, “deur”, en diftonge, soos “ou”, “ei”, “ui”;
 - herken twee- en drieletterkombinasies aan die begin en einde van woorde, soos “str-”, “-nd”;
 - herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone, soos “dr-oom”, “str-oom”;
 - herken meer komplekse woordfamilies, soos “troon”, “kroon”;
 - herken bekende rymwoorde, soos “raai”, “saai”, “laai”;
 - herken ’n toenemende aantal hoëfrekwensie-sigwoorde.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lê klankkennis vas:
 - herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word, soos in “hart”, “hard”; “lei”, “ly”;
 - herken dat ’n enkelvokaal óf kort óf lank uitgespreek kan word, soos in “bom”, “bome”;
 - herken wanneer dubbelkonsonante nodig is om ’n vokaalklank kort te hou, soos in “blomme”, “katte”;
 - herken verdere diftonge, soos “eeu”, “ooi”, “aai”.

Graad 1



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting en genot:
 - lees prenteboeke met eenvoudige onderskrifte.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting en genot:
 - lees prenteboeke en eenvoudige stories van eie keuse;
 - toon waardering vir stories uit ander kulture;
 - begin die woordeboek gebruik om woorde se spelling en betekenis na te gaan;
 - lees 'n verskeidenheid tekste vir genot, soos tydskrifte, strokiesprente, nie-fiksie-boeke.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting en genot:
 - kies boeke, fiksie en nie-fiksie, en sê waarvan hy/sy hou en nie hou nie;
 - lees en waardeer boeke deur skrywers uit verskillende kulture oor 'n verskeidenheid kontekste en verhoudings;
 - lees verskillende soorte tekste, soos strokiesverhale, tydskrifte, koerante;
 - ontwikkel woordeskat deur 'n woordeboek te gebruik en 'n persoonlike woordeboek saam te stel;
 - gebruik die inhoudsopgawe, indeks, kernwoorde, opskrifte, onderskrifte en bladsynommers om inligting te vind;
 - speel woordspeletjies wat kennis van woordeskat en spelling uitbrei;
 - identifiseer en vind inligtingsbronne soos lede van die gemeenskap, biblioteekboeke;
 - begin om mondelinge, geskrewe en visuele tekste vir sosio-kulturele waardes, houdings en veronderstellings te ontleed (soos in 'n advertensie vir seppoeier, gesels oor op wie dit gerig is en die rolle wat deur mans en vroue gespeel word).

Graad 1



Leeruitkoms 4

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf toenemend leesbaar:
 - hanteer skryfinstrumente soos kryt en potlode doeltreffend;
 - oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde;
 - vorm letters van die alfabet suksesvol.

- Doen pre-skryfaktiwiteite:
 - skep en gebruik tekeninge as 'n fokus vir skryfwerk;
 - reageer op 'n prent deur eenvoudige sinne te skryf;
 - bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats (in pare of groepe).

- Skryf vir verskillende doeleindes:
 - stel lyste saam;
 - skryf eenvoudige byskrifte of onderskrifte vir tekeninge;
 - skep eenvoudige tekste soos verjaardagkaartjies (met geskrewe en visuele teks);
 - gebruik eenvoudige strategieë om inligting te verkry en op te teken, soos om 'n opname te doen van hoeveel tale in 'n groep gepraat word;
 - organiseer inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm soos 'n diagram of rooster;
 - versamel gepaste prente en grafika om teks te illustreer.

- Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk en hersien dit:
 - dra idees by tot die skryf van 'n groepstorie (aanvanklik skryf die onderwyser dit neer);

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf toenemend leesbaar:
 - hanteer skryfinstrumente doeltreffend;
 - vorm letters duidelik en maklik;
 - skryf met groter gemak en spoed as gevolg van gereelde oefening.

- Gebruik pre-skryfstrategieë om 'n skryfstuk te begin:
 - neem deel aan dinkskrum-aktiwiteite om idees vir skryf te kry;
 - deel idees met klasmaats en onderwyser;
 - kies 'n onderwerp met persoonlike betekenis om oor te skryf.

- Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes:
 - skryf verskillende soorte tekste:
 - ▶ lyste soos take vir die week,
 - ▶ eenvoudige ekspressiewe tekste soos bedankingskaartjies en briewe,
 - ▶ eenvoudige informatiewe tekste soos resepte,
 - ▶ eenvoudige vertelling van persoonlike ervaringe en gebeurtenisse,
 - ▶ eenvoudige stories,
 - ▶ gedigte en liedjies,
 - ▶ skryf 'n titel wat die inhoud weerspieël.

- Hersien skryfstukke:
 - bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee of te ontvang;

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf leesbaar:
 - skryf maklik en met toenemende spoed as gevolg van gereelde oefening;
 - voltooi 'n skryftaak binne 'n gegewe tyd.

- Gebruik pre-skryfstrategieë om 'n skryfstuk te begin:
 - gebruik verskeie pre-skryfstrategieë om inligting te versamel en 'n onderwerp te kies (soos hou 'n dinkskrum, vrye skryf, gesels met klasmaats, visuele beelde);
 - begin om skryfstukke te beplan.

- Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes:
 - kies 'n teksformaat gepas vir die doel en teikengroep (soos 'n dagboekinskrywing om gevoelens oor 'n gebeurtenis op te teken);
 - skryf 'n reeks kort tekste vir verskillende doeleindes (soos stories bestaande uit een of twee paragrawe, eenvoudige boekresensies, resepte, briewe, dialoë, aanwysings);
 - skryf, waar gepas, 'n titel wat die inhoud weerspieël.

- Hersien skryfstukke:
 - bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang;

Graad 1



Leeruitkoms 4 Vervolg

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- hersien 'n konsepweergawe van die groepstorie om dit duideliker en interessanter te maak;
 - skryf en lees eie konsepweergawe aan onderwyser en klasmaats en begin met die hersiening daarvan.
- Skryf sodat ander kan verstaan:
 - gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm;
 - laat ruimtes tussen woorde;
 - gebruik links-na-regs- en bo-na-onder-oriëntering wanneer hy/sy skryf;
 - skryf eie sinne, waar nodig met die steun van 'n skryfraam;
 - begin om basiese puntuasie te gebruik (hoofletters en punte).
 - Begin woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:
 - skryf woorde wat bekende mense, plekke en dinge voorstel;
 - spel algemene woorde korrek;
 - probeer om onbekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik (vormende spelling);
 - bou eie woordbank op en stel persoonlike woordeboek saam.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- probeer om eie skryfwerk te redigeer (soos verwyder of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel en gaan spelling en puntuasie na);
 - hersien eie skryfwerk na bespreking met ander.
- “Publiseer” skryfstukke (maak dit “publiek”):
- deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal;
 - maak eie boeke of klasbloemesings.
- Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:
- eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring;
 - spel algemene woorde korrek;
 - gebruik homofone toenemend korrek (soos lei/ly, vlei/vly);
 - probeer om onbekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik;
 - bou ’n woordbank en ’n persoonlike woordeboek op;
 - gebruik ’n woordeboek om woorde se spelling en betekenis na te gaan.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- redigeer eie skryfwerk (soos skrap of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel, herrangskik sinne, gaan woordorde na, gaan spelling en puntuasie na);
 - hersien eie skryfwerk nadat terugvoering ontvang is.
- “Publiseer” skryfstukke (maak dit “publiek”):
- deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal;
 - deel skryfwerk met die bedoelde teikengroep, soos die gesin of maats (soos briewe, boodskappe, aanwysings);
 - maak eie boeke of klasbloemesings.
- Bou woordeskat op en spel self woorde:
- varieer woordeskat interessantheidshalwe en vir spesifieke doeleindes;
 - eksperimenteer met en gebruik woorde uit stories, leesstukke, die media, grappe en klasmaats en ander se mondelinge taal;
 - bou ’n woordbank op en stel ’n persoonlike woordeboek saam;
 - gebruik ’n woordeboek om spelling en woordbetekenis na te gaan;
 - gebruik kennis van klanke en spelreëls om onbekende woorde te skryf.

Graad 1



Leeruitkoms 4 Vervolg

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 1 nie.)

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan:
 - gebruik skryframe vir verskillende soorte sinne en teksstrukture;
 - gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte);
 - eksperimenteer met verskillende leestekens soos uitroptekens en/of vraagtekens;
 - gebruik sommige verteltegnieke (soos: “Lank, lank gelede ...”, “Die einde”);
 - gebruik sommige informatiewe teksstrukture soos resepte;
 - pas kennis van grammatika toe.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies:
 - begin om sinne in paragrawe te groepeer;
 - gebruik puntuasie gepas (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroptekens);
 - pas kennis van grammatika toe;
 - gebruik die vertelstruktuur;
 - gebruik informatiewe teksstrukture soos eksperimente;
 - pas kennis van ander tekste as model vir eie skryf toe.

Graad 1



Leeruitkoms 5

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:
 - toon ontwikkelende kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom, volgorde;
 - verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak.
- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg;
 - klassifiseer inligting (soos groepeer verskillende soorte diere);
 - identifiseer dele van 'n geheel (soos dele van 'n fiets);
 - identifiseer ooreenkomste en verskille deur gepaste taal te gebruik (soos “net soos”, soos “dieselfde as”, soos “anders as”).
- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae en soek verduidelikings;
 - verskaf verduidelikings en oplossings;
 - gebruik eenvoudige strategieë om inligting te verkry en op te teken, soos die uitvoer van 'n opname van hoeveel tale in 'n groepie gepraat word of om relevante inligting in tekste te vind;
 - bou en voltooi prent- en woordraaisels.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:
 - verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak.

- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos vir oorsaak en gevolg, logiese volgorde;
 - gebruik hoër-orde-denke en die meegaande taal, soos maak afleidings, pas kennis toe, evalueer (soos “Ek dink”, “Ek wonder”);
 - identifiseer ooreenkomste en verskille (soos “net soos”, “eenders”, “anders as”);
 - vergelyk dinge.

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae en soek verduidelikings; verskaf oplossings en alternatiewe;
 - gebruik kennis uit ’n verskeidenheid bronne om relevante materiaal te kies en is in staat om redes vir die keuse te gee;
 - gebruik eenvoudige strategieë om inligting te verkry en op te teken (soos om met ’n volwassene of ouer leerder se hulp in ’n biblioteek te soek).

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:
 - verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak.

- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg, die maak van gevolgtrekkings;
 - gebruik hoër-orde-denke en die gepaardgaande taal, soos die vorming van hipoteses (“Ek dink dit sou ...”. “As ... dan ...”);
 - gebruik taal om ooreenkomste en verskille te beskryf en om inligting te ontleed, te vergelyk en te kontrasteer.

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae om duidelikheid te verkry, soek verduidelikings, stel alternatiewe voor (“As ek dit doen, dan ...”; “Wat van ...?”; “Ons kan probeer om ...”).

- Doen eenvoudige navorsing:
 - stel vrae wat die taak help definieer en nodige inligting help verkry (soos: Wat moet ons weet/doen/kry ...?; Waar kan ons die inligting kry?);
 - beplan die stappe in ’n taak en ken verantwoordelikhede toe (soos wat moet gedoen word en wie moet wat doen).

Graad 1



Leeruitkoms 5 Vervolg

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verwerk inligting:
 - organiseer inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm (soos 'n tabel, tydlyn).

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verwerk inligting:
 - kies spesifieke inligting uit 'n teks en verwerk dit;
 - organiseer inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm (soos 'n diagram, rooster).

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- gebruik eenvoudige strategieë om inligting te verkry:
 - ▶ stel gepaste vrae,
 - ▶ voer onderhoude en maak opnames,
 - ▶ soek inligting in 'n biblioteek (met die hulp van 'n volwassene of ouer leerder);
 - staaf en verduidelik argumente deur redes en bewyse te verskaf;
 - som inligting op en bied dit op 'n gepaste en interessante manier aan.
- Verwerk inligting:
 - organiseer en teken inligting op verskillende maniere op:
 - ▶ kies inligting en maak aantekeninge,
 - ▶ teken kopkaarte,
 - ▶ konstrueer tabelle, diagramme en vloei-diagramme;
 - orden inligting en plaas dit onder hofies;
 - gebruik taal om ooreenkomste en verskille te beskryf en om inligting te ontleed, te vergelyk en te kontrasteer.

Graad 1



Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bring klanke in verband met letters en woorde:
 - verdeel gesproke woorde in lettergrepe;
 - gebruik klanke om woorde te lees en te spel.

- Werk met woorde:
 - weet waar 'n geskrewe woord begin en eindig en laat spasies tussen woorde;
 - spel sommige bekende woorde korrek;
 - vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van bekende woorde;
 - verstaan en gebruik bekende trappe van vergelyking;
 - groepeer woorde, soos woorde wat rym.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bring klanke in verband met letters en woorde:
 - gebruik klanke om minder bekende woorde te spel.

- Werk met woorde:
 - spel bekende woorde korrek;
 - gebruik alledaagse skryftekens (kappie en deelteken);
 - gebruik 'n woordeboek om spelling na te gaan;
 - vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoord en teenoorgestelde geslag van woorde;
 - gebruik trappe van vergelyking;
 - verstaan en gebruik voorvoegsels en agtervoegsels;
 - verstaan en gebruik sommige sinonieme en antonieme.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bring klanke in verband met letters en woorde:
 - gebruik klanke om moeiliker woorde te spel;
 - gebruik enkel- en dubbelkonsonante en -vokale korrek, soos in droom/drome; kop/koppe;
 - gebruik die t- en d-slotklank korrek, soos in brood, geld, ruit, maat.

- Werk met woorde:
 - gebruik sommige spelreëls om korrek te spel;
 - gebruik skryftekens korrek (deelteken en kappie);
 - gebruik verskeie bronne om spelling na te gaan;
 - verstaan en gebruik adjektiewe (algemene verboë vorme, trappe van vergelyking en intensiewe vorme);
 - gebruik voor- en agtervoegsels om woorde te bou;
 - verstaan en gebruik verdere sinonieme en antonieme.

Graad 1



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - skryf eenvoudige sinne oor 'n spesifieke onderwerp, soos: Ansie het die resies gewen;
 - gebruik skryfkonvensies: 'n hoofletter in eiename en aan die begin van 'n sin en 'n punt of vraagteken aan die einde van 'n sin;
 - gebruik die teenwoordige en verlede tyd korrek;
 - gebruik selfstandige naamwoorde, persoonlike voornaamwoorde (ek, jy, hy, sy, ens.) en voorsetsels korrek.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte (vraagsinne, stelsinne, uitroepe);
 - gebruik die teenwoordige, verlede en toekomstige tyd korrek;
 - verbind twee enkelvoudige sinne met 'n voegwoord ("en" of "maar"), soos: Johan het die glas laat val en dit het gebreek;
 - gebruik die ontkenende vorm korrek, soos: Ek slaap nie; Hy wil nie dit doen nie; Moenie lelik wees nie;
 - verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde, adjektiewe, besitlike voornaamwoorde (myne, hare, ens.), werkwoorde en voorsetsels korrek;
 - gebruik skryfkonvensies korrek: die punt, vraagteken en die komma.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte (stel-, vraag-, uitroep- en bevelsinne);
 - gebruik woordorde korrek in korter en langer sinne;
 - gebruik gepaste tye;
 - gebruik verbindingswoorde in eenvoudige sinne en in meer komplekse sinne soos om oorsaak en gevolg uit te druk, soos: Ek hou van haar, want sy is altyd vriendelik;
 - gebruik die ontkenende vorm korrek, soos: Ek is nie vaak nie; Moenie bekommerd wees nie; Ons wil nie meer speel nie;
 - verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde, adjektiewe, voornaamwoorde (persoonlik en besitlik), werkwoorde, bywoorde en voorsetsels korrek;
 - gebruik sterker/ander vorme van woorde in eie skryfwerk soos staar i.p.v. kyk; woedend i.p.v. kwaad;
 - gebruik skryfkonvensies korrek (hoofletters soos in name van lande, titels van boeke en name van maatskappye, die komma, punt, vraagteken en uitroepteken);
 - herken en gebruik algemene afkortings, soos mnr., mev., me., mej., dr.

Graad 1



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met tekste:
 - orden teks, soos deur woorde soos “dan”, “toe”, “daarna” in ’n vertelling te gebruik;
 - praat oor tekste (soos stories) deur woorde soos “begin”, “middel”, “einde” te gebruik.

- Gebruik taal vir interaksie:
 - gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om beleefde versoeke te rig);
 - verander stemtoon na gelang van doel.

- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - herken byvoorbeeld die verskil tussen taal wat in die klaskamer gebruik word en taal wat maats gebruik wanneer hulle speel;
 - ondersoek waarom verskillende taalvorme in verskillende kontekste gebruik word.

Graad 2



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met tekste:
 - skakel sinne om paragrawe te vorm;
 - orden teks, soos deur woorde soos “eers”, “toe”, “uiteindelik” te gebruik;
 - identifiseer die kenmerke van verskillende soorte teksoorte (soos ’n storie, instruksies, vertelling).
- Gebruik taal vir interaksie:
 - gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om jammer te sê).
- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - bespreek byvoorbeeld woorde wat algemeen gebruik word om meisies en seuns te beskryf (soos “mooi”, “sterk”) en kleure wat met meisies en seuns geassosieer word. Bespreek die effek van hierdie beskrywings en of ’n mens hierdie taal behoort te gebruik of nie.

Graad 3



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met tekste:
 - skakel sinne om paragrawe te vorm en gebruik die tye van die werkwoord konsekwent.
- Gebruik taal vir interaksie:
 - gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk (soos om verskonings aan te bied).
- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - ondersoek byvoorbeeld hoe, met wie en met watter doel die klas informele taal en sleng gebruik.



HOOFSTUK 3

INTERMEDIÛRE FASE

(Graad 4-6)

INLEIDING

In die Intermediêre Fase beweeg leerders na adolessensie. Hulle is weetgierig, ontvanklik, energiek en soms rusteloos. Hulle is selfbewus en nuuskierig oor wie hulle is en wat hulle wil wees. Kwessies aangaande identiteit raak toenemend belangrik en dit is nodig om die verband tussen taal en identiteit in ons veeltalige en multikulturele land in gedagte te hou. Sommige kenmerke van leerders in hierdie fase is:

- Hulle raak sensitiewer oor hoe hul optrede ander affekteer.
- Hulle begin ander se behoeftes, begeertes en standpunte in ag neem.
- Hulle begin groeptake makliker kooperatief uitvoer.
- Hulle begin die uitdaging geniet om take onafhanklik aan te pak.
- Hulle toon die begeerte om beheer oor hul eie leerproses te neem.
- Hulle raak meer doelgerig en metodies in hul benadering.
- Hulle raak toenemend in staat om inligting te verkry, op te teken en te manipuleer.
- Hulle raak toenemend in staat om ondersoek in te stel, te vergelyk en krities te beoordeel.

Fokus

In hierdie fase konsolideer en brei leerders hul geletterdheidsvaardighede uit en ontwikkel hul selfvertroue en vlotheid in die gebruik van mondelinge taalgebruik. Kruiskurrikulêre werk sal 'n belangrike deel van leeraktiwiteite vorm.

Wyer Omvang van Tekste

Leerders sal met 'n groter verskeidenheid tekste as in die Grondslagfase werk. Die taal en inhoud van tekste sal langer en ingewikkelder wees. Dit sal leerders aan mondelinge en geskrewe literatuur, asook aan belangrike sosiale en omgewingskwessies bekend stel.

Geïntegreerde Leeraktiwiteite

Ten einde duidelike assesseringstandaarde daar te stel, fokus elke uitkoms op 'n ander vaardigheid of vaardighede (luister, praat, lees en kyk, skryf, dink en redeneer, taalstruktuur en -gebruik). In leerprogramme behoort hierdie vaardighede egter met leeraktiwiteite met duidelike en relevante doeleindes gekontekstualiseer en geïntegreer te word.

Breër en Gevarieerde Inhoud

Relevante inhoud behoort uit 'n wye verskeidenheid onderwerpe verkry te word – onderwerpe wat spesifiek op leerders se individuele behoeftes en verwagtinge, asook op breër sosiale kwessies gebaseer is. Probeer om nasionale vraagstukke soos armoede, MIV/VIGS en misdaad te dek. Hierdie kwessies behoort nie net as die inhoud van 'n teks hanteer te word nie, maar as 'n bewustelike deel van die leerervaring. Op hierdie manier word leerders aan outentieke taalgebruik blootgestel en word hulle in staat gestel om kritiese vaardighede te ontwikkel.

Hulle sal, byvoorbeeld:

- stereotipes herken;
- leer hoe tekste lesers tot spesifieke standpunte kan oorreed;
- hierdie gebruike van taal bevraagteken.

Deur hierdie hele benadering sal onderwysers en leerders:

- die twaalf kritieke uitkomst en ontwikkelingsuitkomst bereik;
- voorbereid daarop wees om kompleksere aktiwiteite en veeleisende assesseringstandaarde in die Senior Fase te hanteer.

LEERUITKOMSTE



Leeruitkoms 1: Luister

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Leerders se luistervaardighede word verfyn om hulle in staat te stel om vir verskillende doeleindes na uitgebreide mondelinge tekste (formeel én informeel) te luister.



Leeruitkoms 2: Praat

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Algaande leerders groei, stel sosiale situasies groter uitdagings en vereis meer selfvertroue en doeltreffendheid in gesproke taal. Leerders sal voortgaan om hul kommunikasievaardighede te ontwikkel en sal sensitiwiteit vir kulturele verskille en waardering vir veeltaligheid ontwikkel.



Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Die lees van 'n verskeidenheid fiksie en nie-fiksie is noodsaaklik vir leerders se emosionele groei, taalontwikkeling, geletterdheid, begrip van waardes en vir genot.



Leeruitkoms 4: Skryf

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Leerders gaan voort om hul skryfvaardighede vir verskillende doeleindes en teikengroepe te ontwikkel. Hulle begin om idees op 'n gepaste manier in feitlike en skeppende tekste te ontwikkel en organiseer deur die stappe in die skryfproses te volg.



Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Meer ontwikkelde denkvaardighede, insluitend "dink-oor-dink" (metakognisie) en inligtingsgeletterdheid is belangrik vir kruiskurrikulêre werk en vir onderrigsukses. Hierdie vaardighede behoort geïntegreerd en binne 'n konteks van probleemoplossingsaktiwiteite met 'n duidelike en waardevolle opvoedkundige doel onderrig te word.



Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

Leerdere sal ondersoek hoe taal werk en 'n gedeelde taal ontwikkel om oor taal te praat ('n "metataal") sodat hulle hul eie en ander tekste krities ten opsigte van betekenis, doeltreffendheid en akkuraatheid kan evalueer. Hulle sal hierdie kennis ook kan gebruik om met taal te eksperimenteer om betekenis te skep (van woord- en sinsvlak tot volle tekste) en om te sien wat die verband tussen teks en konteks is. Hulle sal bewus raak van hoe taal oor tyd heen, tussen kulture en in verskillende situasies verander.

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalonderrig gebruik kan word, word verskaf. Dit is nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.



Graad 4

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Gesprekke
- Toesprake
- Gedigte
- Koorliedjies
- Vertellinge (soos fabels, legendes, stories)
- Verslae van gebeure
- Grappies, raaisels en limerieke
- Weerverslae
- Onderhoude
- Kort praatjies
- Liedjies
- Woordspeletjies
- Instruksies (soos vir 'n speletjie)
- Aanwysings

Geskrewe/Visueel:

- Gedigte
- Stories
- Verslae (soos 'n wetenskapverslag, weerverslag, verslag van 'n ongeluk, sportverslag)
- Vertellinge (soos fabels, legendes, stories)
- Prosedures (soos resepte, instruksies)
- Strokiesprente en -verhale
- Briewe
- Dagboekinskrywings
- Naslaanboeke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)
- Handboeke (uit ander leerareas)
- Tekeninge
- Collages
- Staafgrafieke
- Diagramme (soos vloedigramme)
- Kopkaarte
- Kaarte



Graad 4

Aanbevole Tekste

Vervolg

Multimedia:

- TV-dramas vir kinders
- TV-prentevertale
- TV-advertensies
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)
- Lewende opvoerings
- Advertensies



Graad 5

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Toesprake
- Radioprogramme
- Mondelinge gedigte (soos prysgedigte, ballades)
- Vertellings (soos stories, fabels, mites)
- Instruksies
- Aanwysings
- Nuus
- Verslae (weer, sport, ens.)
- Dreunsang
- Praatjies/kort lesings
- Debatte
- Toneelstukke
- Grappies, staaltjies



Graad 5

Aanbevole Tekste

Vervolg

Geskrewe/Visueel:

- Gedigte
- Vertellings (soos stories, fabels, mites)
- Briewe
- Boekresensies
- Dagboekinskrywings
- Joernaalinskrywings
- Prosedures (soos instruksies, resepte)
- Verslae
- Naslaanboeke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)
- Handboeke (uit ander leerareas)
- Plakkate
- Foto's
- Grafieke en sirkeldiagramme
- Tabele
- Kopkaarte
- Diagramme

Multimedia:

- TV-dramas
- Rolprente
- TV-strokiesverhale
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)
- Opvoerings
- Uitstallings



Graad 6

Aanbevole Tekste

Mondeling:

- Besprekings
- Vergaderings
- Debatte
- Stories
- Toneelstukke
- Radioprogramme (verskeie formate)
- Nuus
- Instruksies
- Aanwysings
- Verduidelikings
- Mondelinge gedigte
- Staaltjies
- Onderhandelings

Geskrewe/Visueel:

- Biografieë
- Romans
- Kortverhale
- Kort toneelstukke
- Gedigte
- Koerantberigte en tydskrifartikels
- Verslae (misdaad, ongeluk, sport)
- Prosedures (instruksies)
- Aanwysings
- Naslaanboeke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)
- Handboeke (uit verskillende leerareas)
- Advertensies
- Foto's
- Tabele
- Diagramme
- Kaarte



Graad 6

Aanbevole Tekste

Vervolg

Multimedia:

- Rolprente
- Dokumentêre
- Spotprente
- Strokiesprente en -verhale
- TV-programme
- TV-advertensies
- Video's, CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)
- Opvoerings
- Uitstallings



Graad 4



Leeruitkoms 1

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Geniet dit om na verskillende soorte mondelinge tekste te luister (soos stories, fabels, limerieke, kort verslae) en reageer gepas.
- Bespreek die sentrale idee en spesifieke besonderhede van die teks en bring dit in verband met eie ervaring.
- Bespreek die spreker se gebruik van woorde, frases en liggaamstaal en hoe dit die luisteraar affekteer (soos: Hoe het jy gevoel nadat jy na die spreker geluister het? Wat het sy/hy gesê om jou so te laat voel?).
- Bespreek hoe 'n spreker se toon en woordkeuse vir verskillende teikengroepe en doeleindes verander.
- Gesels oor die klank- en woordprente in die taal en lewer kommentaar op die uitwerking daarvan op die luisteraar.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Geniet dit om na verskillende soorte mondelinge tekste te luister (soos stories, mites, dreunsang, grappe, raaisels en kort toneelstukke) en reageer gepas.
- Identifiseer die hoofboodskap en temas in mondelinge tekste en bring dit in verband met die daaglikse lewe.
- Identifiseer kenmerke van mondelinge tekste (struktuur, taal, toon, register, ens.) wat dit gepas vir verskillende doeleindes en teikengroepe maak.
- Bespreek hoe taal gebruik word om atmosfeer te skep.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Geniet dit om na verskillende soorte mondelinge tekste te luister en reageer krities daarop (soos stories, legendes, gedigte, toneelstukke, debatte en praatjies).
- Identifiseer temas, stel vrae en bring idees in verband met eie ervaring.
- Identifiseer en bespreek kernkenmerke soos konteks, die spreker se liggaamstaal, inhoud, register en woordkeuse:
 - bespreek hoe dit die luisteraar affekteer en waarom;
 - bespreek hoe hierdie kenmerke vir verskillende teikengroepe en doeleindes sal verander;
 - bespreek hoe hierdie kenmerke sowel die spreker as die luisteraar posisioneer (soos ten opsigte van gesag en mag, houding teenoor karakters);
 - identifiseer en bespreek hoe stereotipes geskep word en die uitwerking daarvan op die luisteraar (soos: Hoe word die held/heldin uitgebeeld? Hoe laat dit jou oor hom/haar voel? Is mense altyd so in die ware lewe?).
- Lewer kommentaar op klank- en visuele effekte soos ritme, herhaling, alliterasie, klanknabootsing, vergelykings).

Graad 4



Leeruitkoms 1 Vervolg

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister vir inligting in verskillende soorte tekste (soos weerverslae, skoolaankondigings, onderhoude), herroep hoofidees of spesifieke besonderhede en reageer gepas.
- Voer instruksies uit en volg aanwysings.
- Luister aktief tydens gesprekke en besprekings, toon respek en sensitiwiteit vir ander se gevoelens en waardeer ander se standpunte.
- Bespreek die sosiale, morele en kulturele waardes, houdings en veronderstellings in mondelinge tekste (soos: Bestaan alle gesinne uit 'n ma, pa en kinders? Is daar ook ander soort gesinne?).

Graad 5



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister na verskillende soorte informatiewe tekste (aanwysings, instruksies, toesprake, radiogeselsprogramme, televisiedokumentêre), neem kennis van hoofidees of spesifieke besonderhede en gebruik inligting op 'n gepaste manier.
- Luister aktief, oorweeg ander standpunte en reageer op sensitiewe wyse op idees en voorstelle.
- Bespreek die sosiale, morele en kulturele waardes, houdings en veronderstellings in mondelinge tekste en lewer kommentaar op wat in- en uitgesluit is (soos: Is die storie se boodskap waar vir alle situasies? Watter omstandighede word nie in hierdie storie gedek nie?).

Graad 6



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister vir inligting in 'n verskeidenheid mondelinge tekste (debatte, verduidelikings, verslae, televisiedokumentêre), som hoofgedagtes op en neem kennis van spesifieke besonderhede.
- Luister aktief en met sensitiwiteit, gee erkenning aan menings wat met eie mening bots en reageer gepas binne die konteks.
- Bespreek die sosiale, morele en kulturele waardes in verskillende tekste en lewer kommentaar op hoe dit in die teks oorgedra word (soos: Is daar enige bewyse van stereotipering?).

Graad 4



Leeruitkoms 2

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra ervaringe, idees en inligting in verskillende kontekste vir verskillende teikengroepe en doeleindes oor:
 - gebruik taal met gemak vir interpersoonlike kommunikasie in alledaagse gesprekke;
 - gebruik taal vir beeldryke selfuitdrukking (soos: vertel 'n storie, resiteer 'n gedig of rolspel 'n situasie);
 - deel idees en lug mening oor bekende onderwerpe uit eie ervaring;
 - herroep en beskryf 'n reeks gebeurtenisse of handeling;e;
 - gee aanwysings of instruksies;
 - stel en reageer op vrae;
 - bespreek en vergelyk eie en ander se idees en menings.

- Gebruik interaksievaardighede en -strategieë tydens groepwerk:
 - neem beurt;e;
 - hou by die onderwerp;
 - stel relevante vrae;
 - help die bespreking om te vloei;
 - reageer met empatie en respek op ander se idees;
 - gee gebalanseerde en opbouende terugvoering;
 - gebruik gepaste intonasie en gesigsuitdrukkings;
 - toon respek vir ander in die groep.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra ervaringe, idees en inligting in verskillende kontekste vir verskillende teikengroepe en doeleindes oor:
 - gebruik taal denkend vir interpersoonlike kommunikasie (soos: prys iemand se pogings; verskil van iemand);
 - gebruik taal vir skeppende en beeldryke selfuitdrukking (soos: gee uitdrukking aan gevoelens en gedagtes; dramatiseer);
 - deel idees en lug mening oor minder bekende onderwerpe en gebeurtenisse deur spekulasie en hipotese te gebruik;
 - beskryf gebeurtenisse, gee terugvoering en gee aanwysings op 'n logiese manier;
 - stel kritiese vrae wat nie voor die hand liggende antwoorde het nie en kan denkend reageer;
 - lug en regverdig eie mening met redes.

- Gebruik interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies:
 - neem beurte, hou by die onderwerp, stel relevante vrae, help die bespreking om te vloei en reageer met empatie en respek op ander se idees;
 - gee gebalanseerde en opbouende terugvoering;
 - gebruik gepaste intonasie en gesigsuitdrukkings;
 - toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens tydens groepwerk.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra ervaringe, idees en inligting in verskillende kontekste vir verskillende teikengroepe en doeleindes oor:
 - gebruik taal vir interpersoonlike kommunikasie wat dieper persoonlike gevoelens en besinning openbaar (soos: gesels oor gevoelens en aspirasies);
 - gebruik taal vir skeppende en beeldryke selfuitdrukking (soos: gedigte; reaksie op musiek);
 - deel idees en lug mening oor uitdagende onderwerpe op 'n logiese, samehangende en gestruktureerde manier (soos: plakkaat-aanbiedings, verslae, debatte);
 - beskryf gebeurtenisse, gee terugvoering en gee aanwysings op 'n logiese manier;
 - stel en reageer op uitdagende vrae;
 - ontwikkel feitelike en beredeneerde argumente om mening te regverdig.

- Pas interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies toe:
 - volg konvensies vir gepaste interaksie tydens groepwerk;
 - gee gebalanseerde en opbouende terugvoering;
 - toon sensitiwiteit vir kultuur- en sosiale verskille (soos: bevestig en inkorporeer diverse taal, ervaringe, voorbeelde);
 - gebruik diplomatieuse taal in potensiële konfliktsituasies.

Graad 4



Leeruitkoms 2 Vervolg

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede:
 - maak oogkontak en vroetel nie;
 - gebruik gepaste gebare en gesigsuitdrukkinge;
 - praat hoorbaar, gebruik gepaste pouses en praat teen 'n redelike tempo.

- Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - gebruik taal met die gepaste formaliteitsgraad (register) in verskillende situasies (toon, woordkeuse, styl, liggaamstaal);
 - gebruik gepaste taal wanneer hoflikheidsvorme gebruik word (verskonings, versoeke, bedankings, ondersteuning);
 - identifiseer onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik en probeer dit vermy.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede:
 - verskuif oogkontak om so 'n groot moontlike deel van die gehoor in te sluit;
 - gebruik gepaste intonasie en gesigsuitdrukings.
 - pas tempo en volume vir klem aan;
 - gebruik pouses gepas en pas toon volgens die doel aan.

- Gebruik gepaste woorde en strukture vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - gebruik taal met die gepaste register in minder bekende situasies;
 - gebruik die gepaste grammatikale strukture en taalidoom vir die doel;
 - gebruik taal sorgvuldig om komplekse dog algemene gevoelens soos woede, ongeduld, simpatie en bewondering uit te druk;
 - identifiseer en bevraagteken diskriminerende taalgebruik.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede:
 - draai nie rug op gehoor nie;
 - wissel volume, toon en tempo vir klem en effek;
 - besin oor eie aanbieding en vaardighede en probeer geïdentifiseerde swakhede verbeter.

- Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - gebruik die gepaste register in onbekende en meer uitdagende situasies en toon bewustheid van verskillende teikengroepe;
 - manipuleer taal vir verskillende doeleindes, soos om te oorreed, te argumenteer, te inspireer en met iemand te identifiseer;
 - stel alternatiewe vir diskriminerende taalgebruik voor.

Graad 4



Leeruitkoms 3

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste vir verskillende doeleindes (soos gedigte, stories, mites, brosjures, naslaanboeke en handboeke):
 - lees onafhanklik deur 'n verskeidenheid lees- en begripstrategieë gepas vir verskillende doeleindes te gebruik:
 - ▶ vluglees vir die algemene idee,
 - ▶ soeklees vir spesifieke besonderhede,
 - ▶ ondersoek inhoudsopgawe, opskrifte en indeks om 'n algemene oorsig te verkry,
 - ▶ maak voorspellings deur kontekstuele leidrade te gebruik om betekenis vas te stel en maak afleidings;
 - Voer luidlees duidelik en met gevoel uit.

- Kyk na en lewer kommentaar op verskeie visuele en multimedia-tekste (soos prente, strokiesverhale, en, indien beskikbaar, video's, rekenaarprogramme en CD-ROM's):
 - interpreteer die boodskap;
 - identifiseer en bespreek grafiese tegnieke soos kleur, ontwerp, keuse van beelde en hoe dit die boodskap wat oorgedra word, affekteer.

- Beskryf gevoelens oor die teks (feitelik of literêr, visueel of multimedia) en gee redes.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste vir verskillende doeleindes (soos gedigte, boekresensies, kort romans, omsendbriewe, naslaanboeke):
 - lees onafhanklik deur 'n verskeidenheid lees- en begripstrategieë gepas vir verskillende doeleindes te gebruik:
 - ▶ vluglees vir die algemene idee,
 - ▶ soeklees vir spesifieke besonderhede,
 - ▶ ondersoek inhoudsopgawe, opskrifte en indeks om 'n algemene oorsig te verkry,
 - ▶ gebruik vroeëre kennis of tekstuele leidrade om betekenis vas te stel en afleidings te maak,
 - ▶ maak voorspellings oor inhoud en slot,
 - ▶ maak storiëkaarte of maak aantekeninge van hoofpunte om begrip na te gaan;
 - voer luidlees duidelik uit en pas leesspoed volgens doel en gehoor aan.
- Kyk na en lewer kommentaar op verskeie visuele en multimedia-tekste (soos advertensies, video's/films, TV-dramas, en, indien beskikbaar, rekenaarprogramme en CD-ROM's):
 - bespreek die boodskap wat oorgedra word;
 - identifiseer en bespreek grafiese tegnieke soos kleur, keuse van beelde, soort en grootte van letterwerk, simbole, uitleg.
- Beskryf en ontleed emosionele reaksie op tekste.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste vir verskillende doeleindes (soos tydskrifte, gedigte, romans, kort toneelstukke, koerante, handboeke):
 - lees hardop en stil en pas leesstrategieë volgens die doel en gehoor aan;
 - gebruik gepaste lees- en begripstrategieë (vluglees en soeklees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleidings, die nagaan van begrip, ens.).
- Kyk na en bespreek verskeie visuele en multimedia-tekste (soos foto's, TV-advertensies, dramas en toneelstukke, en, indien beskikbaar, video's/films, rekenaarprogramme en CD-ROM's):
 - interpreteer en bespreek die boodskap;
 - identifiseer en bespreek tegnieke soos beligting en byklanke, keuse van beelde, kamerahoek, vorm en ontwerp, grafika, en die uitwerking daarvan op die kyker.
- Verduidelik interpretasie en algehele reaksie op die teks en gee redes gebaseer op die teks of op eie ervaring.

Graad 4



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek hoe die keuse van taal en grafiese kenmerke die leser beïnvloed.

- Toon begrip van en identifiseer en bespreek aspekte soos hooftema, karakters, ruimte, intrige in fiksie-tekste.

- Lei redes vir handeling in tekste af.

- Verstaan die woordeskat en bespreek die keuse van woorde, beelde en byklanke in gedigte, stories en multimedia-tekste (soos: ritme, rym, alliterasie, woordprente, humor).

- Herken die verskillende strukture, taalgebruik, doel en teikengroep van verskillende soorte tekste:
 - identifiseer die doel van verskillende tekste (soos toesprake, stories, gedigte, advertensies);
 - identifiseer die manier waarop tekste gestruktureer is;
 - identifiseer hoe taal en register (formaliteitsgraad) na aanleiding van doel en teikengroep verskil;
 - identifiseer die taal wat in verskillende soorte tekste gebruik word (soos die direkte rede in fabels, volgorde-woorde in aanwysings, die passiewe vorm in verslae).

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek hoe skrywers en visuele kunstenaars op verskillende maniere met lesers in wisselwerking tree en hoe hulle taal en visuele kenmerke gebruik om verskillende wêreldbeskouinge oor te dra.
- Toon begrip van fiksie-tekste:
 - bespreek die hoofidee, intrige, ruimte, atmosfeer en karakters;
 - maak afleidings oor intrige en karakters;
 - bespreek temas en vraagstukke en lug menings met redes daarvoor.
- Verstaan die woordeskat en bespreek hoe skrywers taal gebruik om 'n sekere effek te bereik (vergelykings, ritme, klanknabootsing, ens.).
- Herken die verskillende strukture, taalgebruik, doel en teikengroep van verskillende soorte tekste:
 - identifiseer die manier waarop verskillende soorte tekste gestruktureer is (soos fabels, briewe, boekresensies);
 - identifiseer die eienskappe van verskillende skryfvoorme, soos wetenskapsfiksie, rillers;
 - identifiseer die doel van verskillende tekste en hoe taal en register na aanleiding van doel en teikengroep verskil.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek hoe skrywers, grafiese ontwerpers en fotografe se tegnieke 'n spesifieke wêreldbeskouing oordra en die leser op verskeie maniere posisioneer.
- Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:
 - verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering;
 - bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word (soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?).
- Herken en verduidelik die verskillende strukture, taalgebruik, doel en teikengroep van verskillende soorte tekste:
 - identifiseer en evalueer die soort en gepastheid van 'n teks se taal en register vir die bedoelde teikengroep;
 - identifiseer en ontleed die eienskappe van verskillende soorte skryfvoorme of genres (soos die struktuur en konvensies wat in biografieë, verskillende soorte gedigte, verskillende soorte koerantberigte, ens. gebruik word).

Graad 4



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en bespreek waardes ten opsigte van kulturele, sosiale, omgewings- en morele kwessies in tekste (soos: die boodskap van die storie en die geldigheid daarvan in verskillende kontekste, kwessies betreffende regverdigheid en gelykheid ten opsigte van verskillende situasies en karakters).

- Verstaan en reageer gepas op informatiewe tekste:
 - identifiseer hoof- en ondersteunende gedagtes;
 - soeklees vir spesifieke besonderhede in tekste soos weerverslae, busroosters, kaarte;
 - volg kort, gedrukte instruksies en aanwysings.

- Interpreteer eenvoudige visuele tekste (tabelle, plakkate, diagramme, grafieke, kaarte) en kan 'n teks van een vorm na 'n ander verander (soos 'n grafiek na 'n verduidelikende paragraaf).

- Kies relevante tekste vir eie inligtingsbehoefte, soos woordeboeke, kinderensiklopedieë en naslaanboeke.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en bespreek omgewings-, kulturele en sosiale waardes in tekste:
 - identifiseer en bespreek vertelperspektief en die doel en effek daarvan;
 - herken en bespreek stereotipes en hoe dit geskep word;
 - bespreek en vergelyk die hantering van verskillende sosiale en kulturele vraagstukke deur verskillende skrywers.
- Verstaan en reageer gepas op verskeie informatiewe tekste:
 - identifiseer hoof- en ondersteunende gedagtes, maak aantekeninge van spesifieke besonderhede en som inligting op;
 - lees en voer redelik komplekse instruksies uit en volg aanwysings met die minimum hulp.
- Interpreteer en bespreek komplekser visuele tekste (soos tabelle, plakkate, diagramme, staafgrafieke, kaarte) en kan 'n teks van een vorm na 'n ander verander (soos 'n tabel met data na 'n grafiek).
- Kies relevante tekste en pas navorsingsvaardighede toe om inligting in woordeboeke, naslaanboeke en handboeke, uit gemeenskapsbronne en die elektroniese media (indien beskikbaar) te verkry.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en bespreek kulturele en sosiale waardes in tekste krities:
 - interpreteer die skrywer se bedoelde en onbedoelde verskuilde boodskappe;
 - identifiseer verskillende perspektiewe binne 'n ingewikkelder teks en gee eie perspektief gebaseer op bewyse uit die teks;
 - ontleed die uitwerking van stereotipering, partydigheid en vooroordeel en bespreek hoe dit bevraagteken en verander kan word en gee eie gemotiveerde mening.
- Verstaan en gebruik informatiewe tekste gepas:
 - som hoof- en ondersteunende gedagtes op;
 - onderskei tussen feite en menings;
 - kies en teken relevante inligting op 'n gepaste manier op;
 - volg redelik komplekse instruksies en aanwysings sonder enige hulp.
- Interpreteer en ontleed self besonderhede in grafiese tekste (kaarte, lyngrafieke, staafgrafieke en sirkeldiagramme) en dra inligting van een vorm na 'n ander oor.
- Kies relevante tekste vir persoonlike en inligtingsbehoefte uit 'n wye verskeidenheid bronne, soos uit die plaaslike gemeenskap en die elektroniese media (indien beskikbaar).

Graad 4



Leeruitkoms 4

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf verskeie soorte tekste vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - skryf vir persoonlike, ondersoekende, speelse, verbeeldings- en skeppende doeleindes (soos briewe, beskrywende paragrawe, limerieke);
 - skryf informatiewe tekste waarin idees duidelik vir verskillende teikengroepe uitgedruk word (soos kort verslae, instruksies);
 - skryf en ontwerp verskeie mediatekste vir verskillende teikengroepe (soos plakkaate, strokiesverhale, eenvoudige brosjures);
 - verander inligting van een formaat na 'n ander (soos geskrewe teks na 'n tabel).

- Ontwikkel en organiseer idees deur die skryfproses:
 - kies en ondersoek 'n onderwerp en hou 'n dinkskrum oor idees met behulp van kopkaarte, vloeiagramme en lysie;
 - organiseer idees in paragrawe waarin enkelvoudige en saamgestelde sinne gebruik word;
 - skryf 'n konsep-/eerste weergawe met gepaste taal en konvensies vir die spesifieke doel en teikengroep;
 - hersien werk deur eie bewustheid van gepaste taal, struktuur en styl en terugvoering van klasmaats en/of onderwyser te gebruik;
 - proeflees finale konsep vir grammatika, puntuasie en spelling en inkorporeer terugvoering van klasmaats en onderwyser;
 - "publiseer" finale weergawe deur dit met die relevante teikengroep en/of onderwyser te deel.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf verskeie soorte tekste vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - skryf vir persoonlike, ondersoekende, speelse, verbeeldings- en skeppende doeleindes (soos dagboekinskrywings, humoristiese staaltjies, stories, gedigte);
 - skryf informatiewe tekste waarin idees duidelik en logies vir verskillende teikengroepe uitgedruk word (soos kennisgewings, verslae);
 - skryf en ontwerp visuele tekste waarin inligting duidelik en skeppend aangebied word (soos advertensies, omsendbriewe, kaarte met prente en byskrifte);
 - verander inligting van een formaat na 'n ander (soos 'n tabel na 'n paragraaf of grafiek).

- Ontwikkel en organiseer idees deur die skryfproses:
 - kies en ontleed 'n onderwerp en hou 'n dinkskrum oor idees met behulp van kopkaarte, vloeiagramme en lyste;
 - ontwikkel die onderwerp deur relevante bronne te raadpleeg, gepaste inligting te kies en idees te organiseer;
 - skryf 'n konsep-/eerste weergawe met 'n sentrale idee en goed ontwikkelde paragrawe;
 - gebruik enkelvoudige en saamgestelde sinne met bewusheid van die spesifieke doel en teikengroep;
 - hersien werk deur op inhoud, gepaste taal, struktuur en styl te fokus en terugvoering van klasmaats en onderwyser te gebruik;

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf verskeie soorte tekste vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
 - skryf vir persoonlike, ondersoekende, speelse, verbeeldings- en skeppende doeleindes (soos joernale, gedigte, mites, dialoë);
 - skryf informatiewe tekste waarin idees duidelik en logies vir verskillende teikengroepe uitgedruk word (soos kennisgewings, verslae);
 - skryf en ontwerp visuele tekste vir verskillende teikengroepe deur taal, byklanke, grafika en ontwerp duidelik en skeppend te gebruik (soos CD- en boekomslae, TV- en radioadvertensies, nuusbriewe met foto's);
 - toon begrip van styl en register en verander inligting van een formaat na 'n ander;
 - besin oor en evalueer skryf- en skeppende werk.

- Ontwikkel en organiseer eie idees deur die skryfproses:
 - hou 'n dinkskrum oor idees vir 'n onderwerp en ontwikkel idees deur 'n wye verskeidenheid bronne te raadpleeg, gepaste inligting te kies en idees te organiseer deur strategieë soos kopkaarte, vloeiagramme en roosters te gebruik;
 - skryf 'n konsep-/eerste weergawe met bewusheid van 'n sentrale idee en gepaste taal en konvensies vir die spesifieke doel en teikengroep;
 - hersien werk deur op inhoud, gepaste taal, struktuur en styl te fokus en terugvoering van klasmaats en onderwyser te gebruik;
 - skryf soveel weergawes as wat nodig is;
 - gee met sensitiwiteit terugvoering aan klasmaats om hul pogings aan te moedig;

Graad 4



Leeruitkoms 4 Vervolg



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

- Bied netjiese werk in die regte formaat in 'n leesbare handskrif aan, met ruimtes tussen paragrawe en opskrifte, waar nodig.
- Pas kennis van taal op verskeie vlakke toe:
 - *woordvlak:*
 - ▶ kies en gebruik 'n wye verskeidenheid woorde uit eie taalervaring, aktiwiteite, letterkunde, mondelinge taal van klasmaats en ander;
 - *sinsvlak:*
 - ▶ brei sinne met behulp van adjektiewe, bywoorde en met byvoeglike en bywoordelike bepalinge en bysinne uit,
 - ▶ wissel tydsvorme gepas en konsekwent;
 - *paragraafvlak:*
 - ▶ gebruik kern- en ondergeskikte sinne om 'n samehangende paragraaf te skryf,
 - ▶ gebruik gepaste taal, spelling en punktuasie.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- proeflees en korrigeer finale konsep;
 - lewer finale weergawe in en besin oor die assessering van die stuk.
- Lewer netjiese, leesbare werk met aandag aan aanbieding (soos: omslag, titel, opskrifte, gepaste grafika).
 - Pas kennis van taal op verskeie vlakke toe:
 - *woordvlak*:
 - ▶ kies en eksperimenteer met 'n wye verskeidenheid woorde uit verskeie bronne,
 - ▶ raadpleeg woordeboek of tesourus om woorde na te gaan;
 - *sinsvlak*:
 - ▶ brei sinne met byvoeglike en bywoordelike bepalings en bysinne uit,
 - ▶ wissel tydsvorme korrek en konsekwent,
 - ▶ gebruik die direkte en indirekte rede gepas en doeltreffend;
 - *paragraafvlak*:
 - ▶ skryf 'n kernsin en sluit relevante inligting in om 'n samehangende paragraaf te ontwikkel,
 - ▶ toon verskillende maniere om paragrafe te skakel,
 - ▶ gebruik gepaste grammatika, spelling en puntuasie.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- lewer 'n finale weergawe waarin die terugvoering van klasmaats en onderwyser geïnkorporeer word;
 - besin individueel en saam met klasmaats en onderwyser oor die finale produk en evalueer dit krities.
- Lewer netjiese werk met spesifieke aandag aan aanbieding (soos: omslag, inhoudsopgawe, uitleg, gepaste illustrasies of grafika).
 - Pas kennis van taal op verskeie vlakke toe:
 - *woordvlak*:
 - ▶ kies, gebruik en eksperimenteer met 'n wye verskeidenheid woorde uit ander leerareas en eie belangstelling en ervaring wat betekenis duidelik en gepas oordra,
 - ▶ spel dikwels gebruikte woorde korrek en gaan spelling van nuwe woorde na;
 - *sinsvlak*:
 - ▶ gebruik 'n verskeidenheid saamgestelde en veelvoudige sinne,
 - ▶ gebruik en wissel tydsvorme korrek en konsekwent,
 - ▶ gebruik die aktiewe en passiewe vorm doeltreffend,
 - ▶ wissel woordorde vir fokus en klem;
 - *paragraafvlak*:
 - ▶ skryf 'n kernsin en sluit relevante inligting in om 'n samehangende paragraaf te ontwikkel,
 - ▶ toon verskillende maniere om paragrafe te skakel en grafika gepas in te sluit om 'n samehangende geheel te vorm,
 - ▶ gebruik gepaste grammatika, spelling en puntuasie.

Graad 4



Leeruitkoms 5

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - bespreek oorsaak en gevolg in geskrewe tekste en die taal wat gebruik word om dit uit te druk (soos: wanneer ..., dan ...; as ... dan ...);
 - identifiseer verskillende moontlikhede en verduidelik waarom en hoe dit verskil;
 - lei betekenis af wat nie ooglopend gestel is nie en verduidelik hoe betekenis oorgedra word.

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - formuleer vrae om te help om die nodige inligting te verkry;
 - identifiseer relevante inligtingsbronne;
 - kies en ondersoek verskillende bronne vir verskillende perspektiewe op 'n onderwerp.

- Verwerk inligting:
 - bespreek en vergelyk inligting uit verskillende bronne;
 - kies relevante idees;
 - kies voorbeelde uit verduidelikings;
 - plaas inligting in die korrekte volgorde;
 - som inligting op verskillende maniere op (soos: diagramme, paragrawe, kopkaarte, tabelle);
 - baseer oordeel op inligting en maak gevolgtrekkings.

Graad 5



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - identifiseer oorsaak en gevolg in mondelinge en geskrewe tekste en verduidelik die verband daartussen;
 - doen skattings gebaseer op bekende inligting;
 - onderskei tussen die voordele en nadele van iets en verduidelik dit;
 - bevraagteken en ontwikkel verskillende perspektiewe op bekende onderwerpe;
 - bespreek die invloed van konteks op inligting.
- Gebruik taal om te ondersoek:
 - formuleer relevante vrae om rigting aan die inligtingsoektog te gee;
 - gebruik onderhoude om inligting te verkry;
 - bespreek hoe onderhoude as 'n manier om inligting te verkry, werk;
 - soek inligting in ander relevante bronne.
- Verwerk inligting:
 - versamel en kategoriseer relevante idees en verduidelik die redes vir die kategorisering;
 - onderskei tussen algemene en spesifieke inligting;
 - organiseer inligting onder verskillende hofies;
 - orden 'n reeks stappe of gebeurtenisse op 'n logiese manier en verduidelik die logika;
 - organiseer inligting in 'n paragraaf, tabel, tydlyn, diagram of ander gepaste grafiese voorstelling;
 - evalueer en maak gevolgtrekkings en verduidelik redes daarvoor.

Graad 6



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te dink en te redeneer:
 - onderskei tussen oorsaak en gevolg in 'n verskeidenheid kruiskurrikulêre kontekste;
 - lug mening en staaf dit met vaste bewyse;
 - ontwikkel 'n gebalanseerde argument oor 'n relevante en uitdagende vraagstuk;
 - kontrasteer teenstellende perspektiewe en gee redes;
 - bevraagteken die geldigheid en uitwerking van konteks en die skrywer se houding.
- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel kritiese vrae wat alternatiewe verduidelikings ondersoek;
 - stel opvolgvrae om dieper antwoorde te kry;
 - bespreek die geldigheid van inligting deur dit met ander bronne te vergelyk;
 - vergelyk hoe verskillende tale verskillende leerareabegrippe uitdruk.
- Verwerk inligting:
 - kategoriseer en klassifiseer inligting en verduidelik wat die prosesse behels deur voorbeelde uit verskillende leerareas te gee;
 - vergelyk en kontrasteer inligting en idees en dui aan watter basis gebruik is;
 - kombineer idees uit verskillende bronne in 'n samehangende geheel;
 - maak gevolgtrekkings en doen aanbevelings;
 - verander inligting van een taal na 'n ander;
 - verander die formaat van inligting (soos van tabelle na geskrewe vorm, van tabelle na grafieke).

Graad 4



Leeruitkoms 5 Vervolg

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om skeppend te dink:
 - voorspel na aanleiding van versamelde bewyse wat volgende gaan gebeur of hoe iets gaan eindig;
 - ontwikkel verskillende moontlikhede of scenario's vir 'n gegewe situasie;
 - vind verskillende maniere om idees uit te druk deur 'n tesaurus te gebruik en bespreek nuanses in betekenis.

Graad 5



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om skeppend te dink:
 - vorm hipoteses oor die moontlike resultate of slot van 'n reeks stappe of gebeurtenisse;
 - voorspel wat in 'n denkbeeldige situasie sou kon gebeur;
 - besin oor vorige prosesse of aktiwiteite en lesse vir toekomstige gebruik;
 - eksperimenteer met die visuele en klankeffekte van taal;
 - ondersoek woordassosiasies en konsepte om uit 'n ander hoek na onderwerpe te kyk.

Graad 6



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om skeppend te dink:
 - beskryf wat sy/hy visualiseer nadat 'n teks gelees of gehoor is;
 - dink aan en beskryf die resultaat of slot wat hy/sy sou verkies;
 - vorm hipoteses en verskaf alternatiewe tydens probleemoplossing;
 - eksperimenteer met taal op verskeie maniere, soos om nuwe woorde vir konsepte te maak.

Graad 4



Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - teken woorde in 'n persoonlike woordeboek op;
 - toon ontwikkelende kennis van die kompleksiteit van alfabetiese volgorde;
 - spel dikwels gebruikte woorde korrek;
 - gebruik skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken) doeltreffend in alledaagse woorde;
 - gebruik hoofletters korrek;
 - gaan spelling en betekenis in 'n woordeboek na;
 - herken korrekte woordverdelings;
 - ontwikkel woordeskat deur woordfamilies en woorde uit dieselfde veld te herken;
 - begin beseft dat talle woorde uit verskillende komponente bestaan;
 - gebruik klankverandering, eenvoudige samestelling en voorvoegsels, stamme en agtervoegsels om woorde te vorm;
 - ondersoek die herkoms van woorde op 'n algemene vlak (soos leenwoorde);
 - gebruik alledaagse afkortings.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - skep eie persoonlike spellys;
 - toon kennis van die kompleksiteit van alfabetiese volgorde waar die orde volgens die 1ste letter gegee word;
 - spel dikwels gebruikte woorde korrek en herken uitsonderings in spelpatrone;
 - gebruik skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken) doeltreffend in alledaagse woorde;
 - gebruik hoofletters korrek;
 - gaan spelling en betekenis in 'n woordeboek na;
 - herken en gebruik korrekte woordverdelings;
 - ontwikkel woordeskat deur woordvorming, deur woordfamilies en woorde uit dieselfde veld te herken en deur betekenis uit die konteks af te lei;
 - begin besef dat talle woorde uit verskillende komponente bestaan;
 - gebruik algemene voor- en agtervoegsels, klankverandering, samestelling en afleiding om woordeskat uit te brei;
 - begryp dat tale woorde by mekaar leen en gebruik nuutskeppinge;
 - gebruik alledaagse afkortings en akronieme.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - skep eie persoonlike spellys;
 - toon kennis van die kompleksiteit van alfabetiese volgorde waar die orde volgens die 2de letter gegee word;
 - spel ook minder algemene woorde korrek en herken uitsonderings in spelpatrone;
 - gebruik skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken, aksentteken) doeltreffend in alledaagse woorde;
 - gebruik hoofletters korrek;
 - gaan spelling en betekenis in 'n woordeboek of tesourus na;
 - herken en gebruik korrekte woordverdelings;
 - ontwikkel woordeskat deur woordvorming, deur woordfamilies en woorde uit dieselfde veld te herken en deur betekenis uit die konteks af te lei;
 - besef dat talle woorde uit verskillende komponente bestaan;
 - gebruik verskeie tegnieke (voor- en agtervoegsels, klankverandering, samestelling en afleiding) om woordeskat uit te brei;
 - verstaan en gebruik gepaste sinonieme, antonieme, homonieme en homofone;
 - begryp dat tale woorde by mekaar leen en gebruik nuutskeppinge doeltreffend;
 - gebruik 'n verskeidenheid afkortings en akronieme.

Graad 4



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - gebruik stel-, vraag-, bevelsinne en uitroepe korrek;
 - begryp dat sinne uit verskillende komponente bestaan (onderwerp, voorwerp, gesegde) en verstaan die funksie van elk;
 - brei enkelvoudige sinne met byvoeglike en bywoordelike bepalings uit;
 - gebruik saamgestelde sinne korrek (met hoogstens twee gesegdes);
 - gebruik die korrekte woordorde en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;
 - gebruik die verskillende tydsforme korrek;
 - gebruik die aktiewe (bedrywende) en die passiewe (lydende) vorm doeltreffend;
 - gebruik die ontkennde vorm gepas;
 - gebruik die direkte en indirekte rede met korrekte puntuasie, voornaamwoorde en bywoorde;
 - gebruik hoofletters en puntuasie korrek: punt, komma, vraagteken, uitroepeteken, aanhalingstekens;
 - verstaan en gebruik alledaagse selfstandige naamwoorde, asook getal, geslag en verkleinwoorde;
 - verstaan en gebruik algemene hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde) en medewerkwoorde (hulpwerkwoorde van tyd en wyse), asook algemene deelwoorde;
 - verstaan en gebruik alledaagse adjektiewe: verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme;
 - verstaan en gebruik alledaagse bywoorde (tyd, wyse, plek);
 - verstaan en gebruik alledaagse voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, vraend, betreklik);

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - begryp dat sinne uit verskillende komponente bestaan (onderwerp, voorwerp, gesegde) en verstaan die funksie van elk;
 - gebruik enkelvoudige sinne, saamgestelde en veelvoudige sinne doeltreffend;
 - brei sinne uit deur adjektiewe, bywoorde, byvoeglike en bywoordelike bepalings en bysinne by te voeg;
 - gebruik voegwoorde en betreklike voornaamwoorde doeltreffend om sinne te verbind;
 - gebruik die korrekte woordorde en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;
 - gebruik en wissel tydsvorme doeltreffend en gepas;
 - gebruik die aktiewe (bedrywende) en die passiewe (lydende) vorm doeltreffend – ook wanneer die onderwerp onbekend is of die passief gepas is;
 - verstaan en gebruik die ontkennde vorm gepas;
 - gebruik en wissel die direkte en indirekte rede doeltreffend, met korrekte punktuasie, voornaamwoorde en bywoorde;
 - gebruik hoofletters en punktuasie korrek: punt, komma, vraagteken, uitroepeteken, dubbelpunt, afkappingsteken, aanhalingstekens;
 - verstaan die funksie en gebruik van alledaagse selfstandige naamwoorde, asook getal, geslag en verkleinwoorde;

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met sinne:
 - verstaan die gebruik en funksie van die verskillende komponente (onderwerp, voorwerp, gesegde) waaruit sinne bestaan;
 - brei sinne uit deur bepalings, sinsnedes en bysinne by te voeg;
 - gebruik 'n verskeidenheid enkelvoudige sinne, saamgestelde en veelvoudige sinne doeltreffend;
 - gebruik die korrekte woordorde en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;
 - wissel tydsvorme doeltreffend en gepas;
 - gebruik die aktiewe (bedrywende) en die passiewe (lydende) vorm doeltreffend – ook wanneer die onderwerp onbekend is of die passief gepas is;
 - verstaan en gebruik die ontkennde vorm gepas;
 - verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van punktuasie, bywoorde en voornaamwoorde;
 - gebruik hoofletters en punktuasie korrek: punt, komma, vraagteken, uitroepeteken, dubbelpunt, afkappingsteken, aanhalingstekens;
 - verstaan die funksie en gebruik van selfstandige naamwoorde, asook getal, geslag en verkleinwoorde;
 - verstaan die funksie en gebruik van hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde) en medewerkwoorde (hulpwerkwoorde van tyd en wyse), asook van deelwoorde;

Graad 4



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- gebruik algemene voorsetsels doeltreffend;
- gebruik alledaagse sinonieme, antonieme, homonieme en homofone.

- Werk met tekste:
 - gebruik kern- en ondergeskikte sinne om 'n samehangende paragraaf te vorm;
 - skakel sinne in 'n samehangende paragraaf deur verbindingswoorde (soos "ook", "uiteindelik"), voegwoorde en voornaamwoorde te gebruik.

Graad 5



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- verstaan die funksie en gebruik van algemeen gebruikte hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde) en medewerkwoorde (hulpwerkwoorde van tyd en wyse), asook van algemene deelwoorde;
 - verstaan die funksie en gebruik van alledaagse adjektiewe: verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme, letterlike en figuurlike betekenis;
 - verstaan die funksie en gebruik van alledaagse bywoorde (tyd, wyse, plek);
 - verstaan die funksie en gebruik van alledaagse voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, vraend, betreklik);
 - gebruik voorsetsels doeltreffend;
 - verstaan en gebruik gepaste sinonieme, antonieme, homonieme en homofone.
- Werk met tekste:
- gebruik kern- en ondergeskikte sinne om 'n samehangende paragraaf te vorm;
 - gebruik voegwoorde en woorde wat tyd, oorsaak en gevolg aandui om logiese sinne en paragrawe te skep.

Graad 6



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- verstaan die funksie en gebruik van adjektiewe: verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme, letterlike en figuurlike betekenis;
 - verstaan die funksie en gebruik van bywoorde (tyd, wyse, plek);
 - verstaan die funksie en gebruik van alledaagse voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, vraend, betreklik);
 - gebruik voorsetsels doeltreffend;
 - verstaan en gebruik verskeie sinonieme, antonieme, homonieme en homofone.
- Werk met tekste:
- gebruik voegwoorde en woorde wat tyd, oorsaak en gevolg aandui om logiese sinne en paragrawe te skep.

Graad 4



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik korter en langer sinne;
 - wissel woordorde vir fokus en klem;
 - gebruik die gepaste formaliteitsgraad (register);
 - gebruik eenvoudige idiomatiese uitdrukkings korrek;
 - verstaan en gebruik eenvoudige vorms van beeldspraak en figuurlike taal (soos vergelykings).

- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - herken en bevraagteken stereotipes (t.o.v. ras en geslag) en onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik;
 - ondersoek byvoorbeeld verskillende maniere om iemand te vra om iets te doen; hoe dit die verhouding tussen die spreker en die luisteraar weerspieël; die uitwerking daarvan en of dit bevraagteken moet word.

- Gebruik metataal:
 - gebruik die woordeskat wat nodig is om oor taal te praat (terme soos: direkte en indirekte rede, idiomatiese taalgebruik, formeel en informeel, vergelyking, aanhalingstekens, ens.).

Graad 5



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik 'n verskeidenheid sinslengtes en -soorte;
 - wissel woordorde gepas vir fokus en klem;
 - gebruik duidelike en samehangende sinne sonder te veel woorde en met die korrekte grammatikale struktuur;
 - gebruik taal met die gepaste formaliteitsgraad (register) in minder bekende situasies en toon bewustheid van teikengroep;
 - pas toon en woordkeuse vir verskillende teikengroepe en doeleindes aan;
 - toon kennis van die gebruik van bekende idiomatiese uitdrukkings;
 - verstaan en gebruik eenvoudige vorms van beeldspraak en figuurlike taal (soos personifikasie, vergelyking).

- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - herken en bevraagteken taal wat gebruik word om rasse-, geslag- en ander stereotipes te skep.

- Gebruik metataal:
 - gebruik die woordeskat wat nodig is om oor taal te praat (terme soos: aktiewe en passiewe vorm, akronieme, teikengroep, personifikasie, diskriminerend, ens.).

Graad 6



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik 'n verskeidenheid sinslengtes en -soorte aansluitend by die doel en teikengroep;
 - wissel woordorde gepas vir fokus, klem en afwisseling;
 - gebruik duidelike, samehangende en ekonomiese sinne met die korrekte grammatikale struktuur;
 - vermy dubbelsinnigheid;
 - gebruik taal met die gepaste register in minder bekende en meer uitdagende situasies;
 - toon kennis van die gebruik van 'n verskeidenheid idiomatiese uitdrukkings;
 - verstaan en gebruik eenvoudige vorms van beeldspraak en figuurlike taal (soos personifikasie, vergelyking, metafoor).

- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - herken en bevraagteken taal wat opsetlike en onopsetlike stereotipes en partydigheid oordra (soos: Ondersoek die manier waarop taal in advertensies gebruik word om ons te oorreed om dinge wat ons nie nodig het nie, te koop en sodoende die omgewing te benadeel).

- Gebruik metataal:
 - gebruik die woordeskat wat nodig is om oor taal te praat (terme soos: letterlik en figuurlik, register, logies, metafoor, dubbelsinnigheid, ens.).



HOOFSTUK 4

SENIOR FASE

(Graad 7-9)

INLEIDING

In hierdie fase konsolideer leerders wat hulle in laer grade geleer het en berei hulle voor op verdere onderwys en die werkswêreld. Hulle berei hulle daarop voor om aktief aan 'n demokratiese samelewing deel te neem, om krities betrokke by sosiale en omgewingskwessies soos MIV/VIGS te raak en om konstruktief hierop te reageer. Hulle behoort taal toenemend vir persoonlike, openbare, formele en opvoedkundige doeleindes te gebruik.

Deur taal behoort leerders inligting te verkry omtrent:

- loopbaan- en verdere onderwys- en opleidingsgeleenthede, en
- hul regte en verantwoordelikhede as burgers in 'n demokratiese, multikulturele samelewing.

Fokus

Hierdie fase fokus op die vaslegging en uitbreiding van taal en geletterdheid. Teen die einde van graad 9 behoort leerders in staat tot die volgende te wees:

- lees en skryf vir 'n wye verskeidenheid doeleindes – formeel en informeel, openbaar en persoonlik;
- is gretige, buigsame lesers wat self inligting kan vind en evalueer;
- is aktiewe, kritiese luisteraars en vrymoedige sprekers wat sensitiwiteit vir hul gehoor toon;
- kan taal ontleed, verstaan hoe dit werk en dit vir eie doeleindes gebruik.

LEERUITKOMSTE



Leeruitkoms 1: Luister

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Leerders sal leer om aktief, met empatie en krities na 'n wye verskeidenheid mondelinge tekste te luister, dit op te som, aan te teken en daarop te reageer.



Leeruitkoms 2: Praat

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Leerders sal met selfvertroue in die openbaar kan praat en gepas en doeltreffend met ander kan kommunikeer. Dit is nodig vir werk en verdere onderwys.



Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Lees vorm die grondslag vir skryf en is 'n middel tot lewenslange leer. Leerders behoort 'n wye verskeidenheid fiksie en nie-fiksie te lees. Dit sal hul taalontwikkeling, algemene kennis en persoonlike groei bevorder.



Leeruitkoms 4: Skryf

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Skryf is 'n middel waardeur besin en geleer word, asook 'n kommunikasiemiddel. Dit is dikwels die metode vir leerderassessering en is dus uiters belangrik vir verdere onderwys en werksgeleenthede.



Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Meer gevorderde denkvaardighede en inligtingsgeletterdheid baan die weg vir lewenslange leer en die bereiking van die kritieke en ontwikkelingsuitkomstes.



Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woorde en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

Leerders sal ondersoek hoe taal funksioneer en sal 'n gedeelte taal ontwikkel om oor taal te praat ('n "metataal") sodat hulle hul eie en ander se tekste krities ten opsigte van betekenis, doeltreffendheid en akkuraatheid kan evalueer. Hulle sal ook in staat wees om hierdie kennis te gebruik om met taal te eksperimenteer om nuwe betekenis te vorm (van woord- en sinsvlak tot volledige tekste) en om sodoende te ontdek wat die verband tussen teks en konteks is. Hulle sal bewus raak van hoe taal oor tyd heen, tussen kulture en binne verskillende situasies verander.

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalonderrig gebruik kan word, word verskaf. Dit is nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.

Leerders in graad 7, 8 en 9 behoort 'n wye verskeidenheid tekste, insluitend voorgeskrewe werke, te lees en daarna te kyk.



Graad 7

Aanbevole Tekste

- Kortverhale
- Outobiografieë en biografieë
- 'n Kort roman
- Gedigte
- Kort toneelstukke
- Volksverhale (waar toepaslik)
- Mites en legendes
- Kortere tekste soos tydskrifte, koerante, advertensies, plakkate
- Radiopraatjies



Graad 8

Aanbevole Tekste

- Kortverhale
- 'n Roman
- Gedigte
- Kort toneelstukke
- Volksverhale (waar toepaslik)
- Filmstudie
- Kortere tekste soos tydskrifte, koerante, advertensies, plakkate, brosjures, toesprake, radiopraatjies, TV-programme en musiekvideo's



Graad 9

Aanbevole Tekste

- Kortverhale
- 'n Roman
- Gedigte
- Langer toneelstukke
- Volksverhale (waar toepaslik)
- Filmstudie
- Kortere tekste soos tydskrifte, koerante, advertensies, toesprake en lesings, radiodramas, TV-dramas en -dokumentêre en musiekvideo's

Die Inhoud van Tekste

Uit die verskeidenheid gedekte tekste behoort leerders aan die volgende blootgestel te word:

- ryk en gepaste sosiale en geskiedkundige ruimtes wat begrip van die taal se erfenis ontwikkel;
- komplekse intriges en sub-intriges;
- uitdagende en prikkelende temas wat 'n kritiese begrip van waardes ontwikkel;
- dinamiese karakters in goed ontwikkelde verhoudings;
- gepaste en gevarieerde atmosfeer, toon en register;
- gevarieerde styl met 'n verskeidenheid sinstrukture;
- uitdagende woordeskate en gepaste gebruik van taalidoom;
- 'n verskeidenheid vorme van figuurlike en idiomatiese taal;
- 'n verskeidenheid digvorme in die gekose gedigte;
- visuele tekste (insluitend films) wat elemente soos die volgende illustreer: die gebruik van kleur en swart en wit, die belangrikheid van komposisie, beligting, toon van fotografie, zoemskote en nabyskote;
- tekste wat beelde en skrif (en ander maniere van kommunikasie) in die ontwerp daarvan bevat (multimodale tekste);
- tekste wat leerders in staat stel om populêre kultuur en die media te ondersoek;
- verskeie vorme van taalgebruik en taalkwessies:
 - die manier waarop taal betekenis konstrueer – 'n skrywer kies 'n bepaalde standpunt sodat lesers betekenis op 'n spesifieke manier interpreteer;
 - die manier waarop lesers betekenis uit 'n teks skep – hoe hul eie ervaringe en waardes teksinterpretasie beïnvloed;
 - maniere om op tekste wat 'n kritiese begrip van die konstruksie en interpretasie daarvan verg, te reageer (soos verset teen verbruikers-, seksistiese of rassistiese boodskappe);
 - taalverskeidenheid: variëteite wat verband hou met bv. streek (dialekte) en ouderdomsgroep (sleng); tale se invloed op mekaar.



Graad 7



Leeruitkoms 1

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister na en waardeer ekspressiewe, verbeeldings- en verhalende tekste (soos ballades, liedjies, kortverhale, vertellings).

- Luister aandagtig vir spesifieke inligting en kerngedagtes en reageer gepas:
 - maak aantekeninge, som op en dra inligting akkuraat oor;
 - besin oor menings, stel weldeurdagte vrae en bevraagteken waar nodig.

- Herken hoe bekende mondelinge tekste gestruktureer is en beskryf sommige kenmerkende eienskappe daarvan (soos weerverslae, aanwysings, grappies, liedjies). Dit sluit in: die herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word, soos pouses en eenvoudige trefreëls, en die identifisering van die gebruik van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.

- Identifiseer en interpreteer die gebruik van nie-verbale strategieë (soos gesigsuitdrukkinge, gebare en volume).

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister na en waardeer uitdagende verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos gedigte, prysgedigte, radioverhale met twee of drie episodes, radiodramas, kort besprekings, advertensies en debatte oor die radio).
- Luister aandagtig vir spesifieke inligting en kerngedagtes en reageer gepas:
 - maak aantekeninge, som op en maak gevolgtrekkings;
 - besin oor menings, stel indringende vrae en bevraagteken waar nodig.
- Verstaan hoe bekende mondelinge tekste gestruktureer is en beskryf die kenmerkende eienskappe daarvan (soos kortverhale, prysgedigte en kort praatjies). Dit sluit in: die herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word, soos trefreëls, sarkasme en oordrywing, en die identifikasie en ontleding van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.
- Identifiseer en bespreek die gebruik van nie-verbale strategieë (soos oogkontak, liggaamstaal, stemtoon en die gebruik van pouses).

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Luister na en waardeer 'n verskeidenheid komplekse verbeeldings- en informatiewe mondelinge tekste (soos radiodramas, geselsprogramme, dokumentêre, gedramatiseerde gedigte, boekresensies).
- Luister aandagtig vir spesifieke inligting en hoofgedagtes en reageer gepas:
 - maak gevolgtrekkings;
 - besin oor inligting en menings, stel indringende vrae en bevraagteken waar nodig.
- Ontleed en vergelyk hoe verskillende mondelinge tekste gestruktureer is en beskryf die kenmerkende eienskappe daarvan (soos: kortverhale, ballades, kort praatjies, geselsprogramme, radiodramas, nuusuitsendings, debatte). Dit sluit in: die herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word, soos trefreëls, ironie en *understatement*, en die ontleding en vergelyking van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.
- Identifiseer en bespreek die invloed van nie-verbale strategieë op die luisteraar (soos oogkontak, liggaamstaal, die benutting van ruimte, stemtoon en praattempo).

Graad 7



Leeruitkoms 1 Vervolg

LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer spesifieke woorde, frases en sinne wat die luisteraar beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos affektiewe taal, die onderskeid tussen feite en menings, die herkenning van partydigheid en vooroordeel).
- Herken en aanvaar verskillende taalvariëteite, soos verskillende aksente, dialekte en die taal van verskillende ouderdomsgroepe (bv. sleng).
- Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.

Graad 8



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer die spreker se redes vir die keuse van spesifieke woorde, frases en sinne om die luisteraar te beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos oorredende taal, die onderskeid tussen feite en menings, die herkenning van partydigheid en vooroordeel).
- Herken en aanvaar verskillende taalvariëteite, soos verskillende aksente en dialekte, en bespreek die taal van verskillende ouderdomsgroepe (bv. sleng).
- Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van verskillende tekste.

Graad 9



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer die spreker se redes vir die keuse van spesifieke woorde, frases, sinne en styleffekte om die luisteraar te beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos doelbewuste dubbelsinnigheid, die onderskeid tussen feite en menings, die identifikasie van die spreker se standpunt, die herkenning van partydigheid, vooroordeel en propaganda).
- Herken en aanvaar verskillende taalvariëteite, soos verskillende aksente en dialekte, en oorweeg die gepastheid van die taal van verskillende ouderdomsgroepe (bv. sleng).
- Identifiseer en bespreek die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van 'n verskeidenheid tekste.

Graad 7



Leeruitkoms 2

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra idees en gevoelens op 'n ekspressiewe manier, met selfvertroue en met redelike ondersteuning oor deur geselekteerde mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas).
- Dra idees, feite en menings duidelik en met redelike akkuraatheid en samehang oor deur 'n beperkte verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos besprekings, kort argumente).
- Toon basiese praatvaardighede in geselekteerde mondelinge tekssoorte:
 - orden mondelinge instruksies en beskrywings akkuraat;
 - formuleer logiese argumente;
 - voer onderhoude met maats deur eenvoudige vrae te stel, aandagtig te luister en aantekeninge te maak.
- Toon basiese interaksievaardighede deur aktief aan groepsbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte deel te neem:
 - bespreek belangrike kwessies (soos sosiale en morele kwessies betreffende menseregte en die omgewing);
 - neem verskillende rolle aan tydens debatte (soos voorsitter, spreker);
 - gee erkenning aan ander se menings;
 - verduidelik eie standpunt;
 - lewer kritiek;
 - oorbrug gapings deur vrae te stel, keuses te noem, reaksies oop te hou, ware belangstelling te toon;

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra idees en gevoelens op 'n kreatiewe en ekspressiewe manier met 'n groot mate van selfvertroue en met beperkte ondersteuning oor deur 'n verskeidenheid mondelinge tekssoorte te gebruik (soos dramas, rolspel, liedjies).
- Dra idees, feite en menings oor uitdagende onderwerpe duidelik en akkuraat en met groter samehang oor deur 'n verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos besprekings, debatte).
- Toon basiese praatvaardighede in 'n verskeidenheid mondelinge tekssoorte:
 - orden moeilike mondelinge instruksies en beskrywings akkuraat;
 - verduidelik hoe om 'n eksperiment uit te voer;
 - voer onderhoude met lede van die gemeenskap deur die basiese tegnieke vir onderhoudvoering te gebruik.
- Toon 'n verskeidenheid basiese interaksievaardighede deur aktief aan groepsbesprekings, gesprekke, debatte en ondersoekte deel te neem:
 - bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);
 - stel gepaste vrae;
 - neem verskillende rolle aan;
 - herken ander se menings en verskil beleefd waar nodig;
 - motiveer eie standpunt;
 - gee en ontvang opbouende kritiek;

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra idees en gevoelens onafhanklik op 'n kreatiewe, ekspressiewe en verbeeldingryke manier met selfvertroue oor deur 'n wye verskeidenheid mondelinge tekssoorte te gebruik (soos dramas, rolspel, liedjies).
- Dra idees, feite en menings oor uitdagende onderwerpe akkuraat en samehangend oor deur 'n wye verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verduidelikings van tegnologiese prosesse, bv. die gebruik van 'n rekenaar of videomasjien).
- Toon gevorderde praatvaardighede in 'n wye verskeidenheid mondelinge tekssoorte:
 - verduidelik tegnologiese prosesse en ondersoek komplekse idees op 'n logiese manier, soos die gebruik van 'n rekenaar;
 - voer onderhoude doeltreffend deur gevorderde tegnieke vir onderhoudvoering te gebruik (soos stel komplekse vrae).
- Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepsbesprekings, gesprekke, debatte en ondersoekte deel te neem:
 - bespreek belangrike vraagstukke (soos sosiale en etiese kwessies betreffende menseregte en die omgewing);
 - stel ondersoekende vrae;
 - neem leiding tydens 'n bespreking;
 - onderhandel ten einde saam te stem of 'n kompromie te bereik;

Graad 7



Leeruitkoms 2 Vervolg

PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
- bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.

- Doen mondelinge aanbiedings met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:
 - duidelike en hoorbare uitspraak;
 - die gebruik van pouses;
 - tempo- en volumewisseling;
 - doel en teikengroep;
 - liggaamshouding en -taal;
 - verskillende sosiale en kulturele konvensies;
 - gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks.
- Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- oorreed ander;
 - oorbrug gapings deur vrae te stel, keuses te noem, reaksies oop te hou, ware belangstelling te toon;
 - toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.
- Doen mondelinge aanbiedings met redelike akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te skenk aan:
 - duidelike en hoorbare uitspraak;
 - die gebruik van pouses;
 - tempo- en volumewisseling;
 - doel en teikengroep;
 - liggaamshouding en -taal;
 - verskillende aanbiedingswyses;
 - register;
 - toon;
 - verskillende sosiale en kulturele konvensies;
 - gepaste tegnieke soos klimaks, antiklimaks en hiperbool (oordrywing ter wille van effek).
 - Identifiseer en bespreek kenmerke wat tot die sukses van eie kommunikasie bydra.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- motiveer eie standpunt deur bewyse en soortgelyke menings van maats te gebruik en toon buigsaamheid deur kompromie te aanvaar;
 - aanvaar uitdagings en kritiek waar gepas;
 - oorbrug gapings deur vrae te stel, menings te lug, idees te herfraseer om betekenis te verduidelik, keuses te noem, reaksies oop te hou;
 - onderskei tussen wanneer om sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens te toon en wanneer om onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik te bevraagteken.
- Doen mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief deur aandag te skenk aan:
 - die gebruik van pouses, die wisseling van tempo en volume op strategiese plekke;
 - doel en teikengroep;
 - liggaamshouding, gebare, liggaamstaal en gesigsuitdrukkinge om die gehoor te boei;
 - verskeie aanbiedingsmetodes;
 - register;
 - stemtoon;
 - formaliteitsgraad;
 - verskillende sosiale en kulturele konvensies;
 - gepaste tegnieke soos klimaks, antiklimaks, hiperbool en retoriese vrae.
 - Evalueer die sukses van eie kommunikasie en verbeter daarop.

Graad 7



Leeruitkoms 3

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting, beskryf persoonlike reaksies en bespreek die soort tekste wat hy/sy geniet.

- Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).

- Identifiseer die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.

- Toon begrip van informatiewe tekste:
 - identifiseer hoofgedagtes en verduidelik hoe besonderhede dit ondersteun;
 - maak 'n opsomming van kernfeite.

- Identifiseer verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan en verduidelik die struktuur van die teks (soos gedigte, koerantberigte, kortverhale, advertensies, kort tydskrifartikels).

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte spontaan en dikwels vir genot en inligting, bespreek persoonlike reaksie, die tekssoorte wat hy/sy geniet en beveel tekste vir ander aan.
- Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).
- Bespreek die doel, teikengroep en konteks van tekste.
- Toon begrip van informatiewe tekste:
 - identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming;
 - verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;
 - bevraagteken idees waar gepas;
 - beoordeel die geldigheid van argumente en maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;
 - identifiseer en verduidelik verskillende standpunte;
 - onderskei tussen menings en feite.
- Verduidelik hoe die hoofkenmerke en struktuur van verskillende tekssoorte tot die funksie daarvan bydra (soos gedigte, kort romans, koerantberigte, briewe, ballades, boekresensies).

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n wye verskeidenheid tekssoorte spontaan vir genot en inligting; vergelyk persoonlike reaksies en gee gemotiveerde aanbevelings vir ander.
- Lees onafhanklik, hardop en stil, vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos in vorige grade ontwikkel).
- Bespreek en verduidelik die doel, teikengroep en konteks van tekste.
- Toon begrip van 'n wye verskeidenheid informatiewe tekste:
 - identifiseer hoofgedagtes en maak 'n opsomming;
 - verduidelik hoe besonderhede hoofgedagtes ondersteun;
 - evalueer idees;
 - beoordeel die geldigheid van argumente en maak gevolgtrekkings op grond van bewyse;
 - bespreek verskillende standpunte;
 - onderskei tussen menings en feite.
- Bespreek verskillende tekssoorte en verduidelik hoe die hoofkenmerke daarvan tot die funksie van die teks bydra (soos lang gedigte, kort romans, koerantberigte, dagboeke, briewe, boekresensies, kort dramas).

Graad 7



Leeruitkoms 3 Vervolg

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.

- Identifiseer en bespreek tegnieke wat gebruik word om 'n spesifieke effek in geselekteerde visuele, geskrewe en multimedia-tekste te bereik:
 - eenvoudige literêre tegnieke en taalgebruik (soos woordspeling, register);
 - ontwerpstegetnieke (soos keuse en plasing van prente/foto's, gebruik van lettergrootte en lettertipe, kleur);
 - kamera- en filmtegetnieke (nabyskote, zoemskote).

- Reageer krities op tekste:
 - identifiseer die skrywer se standpunt;
 - identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe;
 - identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;
 - identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.

- Identifiseer en bespreek die sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk).

- Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, waardes, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.
- Ontleed tegnieke wat in visuele, geskrewe en multimedia-tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik:
 - die doeltreffendheid van literêre tegnieke en taalgebruik;
 - die impak van ontwerpsteunieke (soos die soort en posisie van kunswerk, die gebruik van kleur);
 - die impak van kamera- en filmtegnieke (nabyskote, zoemskote, kamerahoek en terugflitse).
- Reageer krities op tekste:
 - bespreek die skrywer se standpunt;
 - bespreek implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel;
 - bespreek hoe konteks die boodskap beïnvloed;
 - identifiseer wat uit die teks gelaat is en bespreek die redes daarvoor;
 - bevraagteken of hy/sy met die boodskap saamstem.
- Bespreek die sosio-kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste en identifiseer aspekte wat meegaande waardes oordra (soos inhoud, taal, perspektief, karakterisering).
- Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, waardes, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.
- Evalueer tegnieke wat in visuele, geskrewe en multimedia-tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik:
 - die doeltreffendheid van literêre tegnieke en taalgebruik;
 - die impak van ontwerpsteunieke (soos posisie van die teks en kunswerk);
 - die impak van kamera- en filmtegnieke (perspektief, beligting, animasie, spoed, die kombinasie van druk, klank en beelde).
- Reageer krities op tekste:
 - evalueer die skrywer se standpunt;
 - evalueer implisiete (verskuilde) boodskappe, partydigheid en vooroordeel, gee eie mening en bespreek ander moontlikhede;
 - bespreek hoe die sosiale en kulturele konteks die boodskap beïnvloed.
- Beoordeel die sosio-kulturele, omgewings- en etiese waardes in tekste en bespreek die impak daarvan op die leser en die tegnieke waardeur die effek bereik word (soos inhoud, taal, kunswerk, standpunt, karakterisering).
- Dink na oor en evalueer sy/haar eie vaardighede as leser.

Graad 7



Leeruitkoms 4

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf verskeie verbeeldingstekste:
 - gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;
 - verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.

- Skep verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, instruksies vir speletjies te gebruik.

- Toon basiese vaardighede in spesifieke skryfegnieke gepas vir 'n tekssoort:
 - skep ruimte en intrige in verhalende tekste;
 - gebruik ritme en rym in gedigte;
 - gebruik saaklike taal in eenvoudige beskrywings;
 - toon volgorde in prosedures.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf 'n verskeidenheid verbeeldingstekste:
 - gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;
 - verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dialoë, gedigte, liedjies en briewe.
- Lewer 'n verskeidenheid feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in vertellinge, navorsingsverslae, pamflette, plakkaat en boekresensies te gebruik.
- Toon basiese vaardighede in spesifieke skryfegnieke gepas vir 'n tekssoort:
 - onthul karakters, beskryf die ruimte/agtergrond en ontwikkel die intrige in verhalende en beskrywende tekste;
 - gebruik eenvoudige beeldspraak in gedigte.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf 'n wye verskeidenheid verbeeldingstekste:
 - gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;
 - verken die kreatiewe, kritiese en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dialoë, gedigte, eenvoudige kortverhale, briewe, 'n toneelstuk met byklanke en visuele effekte.
- Lewer 'n verskeidenheid feitelike skriftelike en multimodale tekste vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in die volgende te gebruik: e-posboodskappe, verslae oor aktuele sake, advertensies, plakkaat, boek- en filmresensies, ooggetuieverslae, koerantberigte, curriculum vitae, persbriewe, aansoekbriewe, dekbriewe, agenda en notule van vergaderings.
- Toon gevorderde vaardighede in spesifieke skryfegnieke gepas vir 'n tekssoort:
 - ontwikkel karakters, beskryf die ruimte/agtergrond, ontwikkel die intrige in verhalende en beskrywende tekste;
 - gebruik 'n groter verskeidenheid vorme van beeldspraak in eie gedigte.

Graad 7



Leeruitkoms 4 Vervolg

SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:
 - kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloiediagramme en lyste;
 - gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;
 - beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;
 - organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;
 - dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;
 - dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe – fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;
 - skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die skryfproses saam met ander en individueel om tekste te skep:
 - kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeiagramme en lyste;
 - gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle;
 - beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;
 - organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;
 - dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik, partydigheid, 'n ingewikkelder struktuur en enkele alledaagse styltegnieke in gedagte tydens hersiening;
 - dink krities na oor eie en ander se skryfwerk, maak aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;
 - redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe – fokus op grammatika, puntuasie en woordeskat gepas vir die graad, op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas, en op die uitskakeling van dubbelsinnighede;
 - skryf die finale produk en gee aandag aan 'n kreatiewe aanbiedingswyse en gevarieerde ontwerpselemente.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die skryfproses onafhanklik en met gemak om tekste te skep:
 - kies en ondersoek komplekse onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeiagramme, lyste en aantekeninge;
 - gebruik toenemend ingewikkelde tekssoorte as skryfmodelle;
 - beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit 'n verskeidenheid gepaste bronne te gebruik;
 - organiseer idees samehangend en logies in verskeie konsepweergawes;
 - ontleed konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, perspektief, leser se reaksie, taalgebruik, partydigheid, 'n ingewikkelder struktuur en verskeie styltegnieke in gedagte tydens hersiening;
 - ontleed eie en ander se skryfwerk, evalueer, maak aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl;
 - redigeer, proeflees en verbeter die finale weergawe deur kennis van taal en struktuur toe te pas;
 - skryf die finale produk en gee aandag aan 'n verskeidenheid komplekse aanbiedingswyses en ontwerpselemente.

Graad 7



Leeruitkoms 5

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal vir dink en redeneer:
 - lei betekenis af en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikulum heen te interpreteer;
 - verduidelik oorsaak en gevolg;
 - oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;
 - ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;
 - staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);
 - stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel;
 - gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal vir dink en redeneer:
 - pas denk- en redenasievaardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen toe;
 - bespreek en verduidelik die perspektief en standpunt van die skrywer in verskeie tekste;
 - verduidelik en bespreek oorsaak en gevolg (soos: “Waarom is dit die oorsaak van ...?”);
 - stel ’n teenargument en gee redes (soos: “Ek stem nie saam nie, want ... en ek staaf my redenasie soos volg ...”);
 - herken en verduidelik waarom inligting as "feitelik" of "objektief" beskou kan word;
 - gebruik eie ervarings om ’n standpunt te motiveer;
 - stel vrae en maak afleidings ten einde probleme op te los en makliker oor komplekse sake, idees en gevoelens te dink (soos oor menseregte- en omgewingskwessies, persoonlike probleme, kruiskurrikulêre onderwerpe).

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal vir dink en redeneer:
 - pas denk- en redenasievaardighede in verskeie kontekste oor die kurrikulum heen en in persoonlike omstandighede toe;
 - herken en bespreek die skrywer se belangrikste standpunt en perspektief in verskillende tekssoorte;
 - ontleed oorsaak en gevolg in meer diepte in literêre tekste en tekste oor die kurrikulum heen (soos deur die onderliggende oorsake en nie die vanselfsprekende nie, te soek);
 - ontwikkel en gebruik redenasies wat:
 - ▶ die logika duidelik aan die leser/luisteraar maak,
 - ▶ reaksies en teenkating antisipeer;
 - stel ’n teenargument en verskaf alternatiewe;
 - gebruik feitelike inligting en interpreteer statistiek met toenemende selfvertroue om argumente te staaf;
 - gebruik eie ervarings en kontrasteer dit met dié van ander om ’n standpunt te verduidelik;
 - gebruik vrae, afleiding en analise om kritiese denke te ontwikkel en probleemoplossing te bevorder.

Graad 7



Leeruitkoms 5 Vervolg

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - identifiseer inligting wat nodig is om 'n probleem te ondersoek;
 - gebruik kernwoorde en -begrippe om relevante inligtingsbronne te kies;
 - luister, lees en kyk na tekste uit 'n verskeidenheid bronne om idees te versamel en te kies;
 - gebruik gepaste verwysingstegnieke en -konvensies wanneer inligting uit bronne aangehaal word (soos skrywer, titel, datum, uitgewer, bladsynommers, webwerf);
 - werk aan geïntegreerde projekte oor leerareas heen en skep 'n samehangende produk.

- Verwerk inligting:
 - hou rekord van inligting in 'n gepaste formaat (soos lys, kopkaarte, aantekeninge, opsommings);
 - organiseer inligting op 'n gepaste manier (soos volgens tyd, belangrikheid);
 - verander inligting van een formaat (of taal, indien nodig) na 'n ander (soos 'n kopkaart na 'n paragraaf, 'n lys na 'n opsomming);
 - besin krities deur idees te deel en te vergelyk;
 - vergelyk verskillende standpunte en identifiseer ooreenkomste en verskille;

Graad 8



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae oor nasionale en kruiskurrikulêre vraagstukke (soos lyfstraf, omgewingskwessies);
 - oorweeg opsies deur verskeie alternatiewe in ag te neem;
 - onderneem onafhanklike navorsing oor die kurrikulum heen;
 - vind en verkry inligting uit 'n wye verskeidenheid bronne (soos die radio, internet, verskeie soorte geskrewe tekste, biblioteke);
 - verbeter en verfyn gepaste verwysingstegnieke en -konvensies wanneer inligting uit bronne aangehaal of gebruik word (soos skrywer, titel, datum, uitgewer, bladsynommers, webwerf);
 - werk aan toenemend ingewikkelde projekte oor leerareas heen en skep 'n samehangende produk.

- Verwerk inligting:
 - eksperimenteer met verskillende maniere om aantekeninge te maak (soos die gebruik van afkortings ter wille van spoed);
 - vind en vat inligting saam deur luister-, lees-, skryf- en kykvaardighede te gebruik;
 - kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;
 - verander inligting van een formaat of taal na 'n ander (kodewisseling of vertaling);

Graad 9



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal om te ondersoek:
 - stel vrae oor nasionale en kruiskurrikulêre vraagstukke (soos MIV/VIGS, verhoging in rentekoerse);
 - herken wanneer 'n spreker of bron dubbelsinnig is, bewyse verkeerd gebruik of ongeldige stellings maak en stel gepaste vrae om akkurater inligting te verkry;
 - bevraagteken en oorweeg moontlikhede;
 - ondersoek 'n verskeidenheid benaderings om navorsing oor 'n onderwerp te beplan, te organiseer en aan te bied (vir Tale en ander leerareas);
 - oorweeg verskillende perspektiewe wanneer inligting gekies word;
 - brei die aantal bronne en die metodes uit om relevante inligting te vind (soos die elektroniese en ander media, koerantargiewe, dokumentêre films, gespesialiseerde biblioteke);
 - werk aan toenemend ingewikkelde projekte oor leerareas heen en lewer 'n samehangende produk.

- Verwerk inligting:
 - eksperimenteer met verskillende maniere om aantekeninge te maak (soos kies, orden, klassifiseer en organiseer inligting in lyste, kopkaarte, grafieke) en sluit verwysings-besonderhede in;
 - kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;
 - verander inligting van een formaat of taal na 'n ander (kodewisseling of vertaling);

Graad 7



Leeruitkoms 5 Vervolg

DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- gebruik gepaste taal om vergelykings te tref (soos: “eenders as”, “verskillend van”);
 - kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in ’n samehangende werkstuk of aanbieding.
-
- Dink kreatief:
 - visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los;
 - gebruik skryf om idees te ontwikkel (soos: joernale, vrye skryf, dinkskrumtegnieke, kopkaarte);
 - verbeel moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);
 - oorweeg verskille en gebruik dit skeppend (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);
 - gebruik taal oor die kurrikulum heen om probleme op te los (bv. kodewisseling);
 - vergelyk hoe verskillende tale terme in verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossing te help.
 - Gebruik taal om te besin:
 - dink na oor dit wat gehoor of gelees word en stel uitdagende vrae;
 - dink na oor eie ontwikkeling as ’n spreker, luisteraar en skrywer binne alledaagse kontekste en identifiseer aspekte wat kan verbeter;
 - dink na oor eie bydrae in groepaktiwiteite en identifiseer geleenthede vir verbetering.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- som inligting of idees op deur te kies, te kategoriseer en te redigeer en dink krities na oor die produk;
 - formuleer gedagtes mondelings en skriftelik op toenemend komplekse maniere (soos: beweeg van enkelvoudige na saamgestelde sinne).
- Dink kreatief:
- visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los;
 - verbeeld moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);
 - oorweeg verskille en gebruik dit skeppend en konstruktief (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);
 - skryf eksperimenteel om idees, gevoelens en verbeeldingservarings te verken;
 - vergelyk hoe verskillende tale terme in verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossing te help.
- Gebruik taal om te besin:
- dink na oor dit wat gehoor of gelees word, stel kritiese vrae en bevraagteken idees;
 - dink na oor eie ontwikkeling as 'n spreker, luisteraar en skrywer binne alledaagse kontekste en identifiseer aspekte wat kan verbeter;
 - dink na oor eie bydrae in groepaktiwiteite en identifiseer verdere geleentheid vir verbetering.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- evalueer die betroubaarheid en geldigheid van inligting uit gedrukte en ander mediabronne (soos oor aktuele sake);
 - skryf en praat deur toenemend komplekse taal en grammatikale strukture vir duidelikheid en substansie te gebruik.
- Dink kreatief:
- visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los;
 - verbeeld moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);
 - gebruik 'n verskeidenheid maniere om idees te ondersoek en uit te brei (soos skryf, teken, dans, rolspel);
 - dink na oor verskille en gebruik dit skeppend en positief (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstelling en persoonlikheid);
 - vergelyk hoe verskillende tale terme in verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossing te help.
- Gebruik taal om te besin:
- dink na oor en evalueer die gehalte en akkuraatheid van inligting in eie en ander se werk;
 - oordink eie lees-, skryf- en luistervaardighede, eie gewoontes en ervarings krities en identifiseer sterk punte en gebiede waar daar ruimte vir verbetering is;
 - besin en stel dan kritiese vrae en bevraagteken standpunte (bevraagteken ook stereotipes) oor wat gesien, gehoor en gelees is;
 - pas eie standpunt aan, waar nodig, nadat ander se standpunte gehoor of gelees is.

Graad 7



Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;
 - gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;
 - gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);
 - skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;
 - gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;
 - gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;
 - identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;
 - verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppe in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;
 - verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;
 - gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - gebruik kennis van lettergrepe om woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap;
 - gebruik basiese spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel;
 - gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);
 - skep eie spellys vir moeilike woorde, veral van woorde oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;
 - gebruik 'n woordeboek en tesourus bevoeg om woordeskat en spelling na te vors;
 - gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;
 - gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat in konteks te ontwikkel;
 - verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;
 - verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme, een woord vir 'n omskrywing en klanknabootsende woorde gepas binne konteks;
 - gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Werk met woorde:
 - gebruik spelreëls en 'n verskeidenheid spelstrategieë om onbekende woorde te spel en bespreek die strategieë wat gebruik word;
 - skep eie spellys vir moeilike woorde, veral van woorde oor die kurrikulum heen, en bespreek probleemwoorde;
 - gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);
 - gebruik 'n woordeboek en tesourus met selfvertroue, doeltreffend en gereeld om spelling, woordafleiding en die herkoms van woorde te ondersoek;
 - gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;
 - gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;
 - verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppinge in 'n taal ontstaan en gebruik dit gepas;
 - verstaan en gebruik sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;
 - gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.

Graad 7



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Let Wel: Alhoewel leerders in staat moet wees om woordsoorte en sinsdele in konteks te identifiseer ten einde te verstaan hoe sinne funksioneer, behoort die praktiese toepassing van hul kennis veel meer aandag as die identifikasie van woorde en sinne te ontvang.

- Werk met sinne:
 - identifiseer en gebruik die volgende in konteks:
 - ▶ selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),
 - ▶ voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),
 - ▶ hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),
 - ▶ bywoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ voegwoorde,
 - ▶ determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),
 - ▶ telwoorde,
 - ▶ tussenwerpsels,
 - ▶ voorsetsels;
 - gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);
 - identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;
 - identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) gepas;
 - gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;
 - gebruik die korrekte woordorde in sinne;
 - gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Let Wel: Alhoewel leerders in staat moet wees om woordsoorte en sinsdele in konteks te identifiseer ten einde te verstaan hoe sinne funksioneer, behoort die praktiese toepassing van hul kennis veel meer aandag as die identifikasie van woorde en sinne te ontvang.

- Werk met sinne:
 - identifiseer en gebruik die volgende in konteks:
 - ▶ selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),
 - ▶ voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, vraend),
 - ▶ hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),
 - ▶ bywoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ voegwoorde,
 - ▶ determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),
 - ▶ telwoorde,
 - ▶ tussenwerpsels,
 - ▶ voorsetsels;
 - verstaan die verskil tussen sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;
 - identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde, voorwerp en bepaling;
 - identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) gepas;
 - gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Let Wel: Alhoewel leerders in staat moet wees om woordsoorte en sinsdele in konteks te identifiseer ten einde te verstaan hoe sinne funksioneer, behoort die praktiese toepassing van hul kennis veel meer aandag as die identifikasie van woorde en sinne te ontvang.

- Werk met sinne:
 - identifiseer en gebruik die volgende in konteks:
 - ▶ selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname, abstrakte s.nwe.),
 - ▶ voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik, wederkerend, vraend, onbepaald, onpersoonlik),
 - ▶ hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoorde en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme; letterlike en figuurlike gebruik),
 - ▶ bywoorde (ook in vaste verbindings),
 - ▶ voegwoorde,
 - ▶ determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),
 - ▶ telwoorde,
 - ▶ tussenwerpsels,
 - ▶ voorsetsels;
 - verstaan die grammatikale verskil tussen en funksie van sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies) en gebruik dit korrek;
 - identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde, direkte en indirekte voorwerp en bywoordelike en byvoeglike bepaling;

Graad 7



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van puntuasie, bywoorde en voornaamwoorde;
- gebruik die ontkennde vorm korrek;
- gebruik puntuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).

- Werk met tekste:
 - wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;
 - gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;
 - verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;
 - orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.

Graad 8



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;
 - gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;
 - verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van puntuasie, bywoorde en voornaamwoorde;
 - gebruik die ontkennde vorm korrek en op verskillende maniere;
 - gebruik puntuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroep-teken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens, skuinsstreep).
- Werk met tekste:
- wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;
 - gebruik verbindingswoorde (soos nogtans, gevolglik) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;
 - verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;
 - orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.

Graad 9



Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) gepas;
 - gebruik tydsforme korrek en om fokus te wissel, soos die teenwoordige tyd kan 'n gevoel van onmiddellikheid skep;
 - gebruik die korrekte woordorde in sinne en verstaan hoe woordorde betekenis kan beïnvloed;
 - gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is en hoe dit betekenis kan beïnvloed;
 - verander sinne doeltreffend van die direkte na die indirekte rede, en anders om, met die korrekte gebruik van puntuasie, bywoorde en voornaamwoorde en wissel die gebruik van die twee vorme gepas;
 - gebruik die ontkennde vorm korrek en op verskillende maniere;
 - gebruik puntuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroep-teken, aandagstreep, hakies, beletseltteken, aanhalingstekens, skuinsstreep).
- Werk met tekste:
- wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;
 - gebruik verbindingswoorde (soos nietemin, verder) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;
 - verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik.

Graad 7



Leeruitkoms 6 Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;
 - onderskei tussen formele en informele taalgebruik;
 - gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidroom gepas.

- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word – identifiseer geïmpliseerde betekenis;
 - identifiseer manipulerende taal;
 - identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.

- Gebruik metataal:
 - gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens".

Graad 8



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;
 - onderskei tussen formele en informele taalgebruik en gebruik 'n gepaste styl vir skryf en praat;
 - gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidoom gepas en kreatief.
- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - identifiseer geïmpliseerde betekenis en veelvoudige betekenis;
 - identifiseer manipulerende taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;
 - identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.
- Gebruik metataal:
 - gebruik byvoorbeeld terme soos "tesaurus", "akroniem", "klanknabootsing", "dubbelpunt".

Graad 9



Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:
 - gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;
 - onderskei tussen formele en informele taalgebruik en verduidelik wanneer dit gepas is;
 - verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidoom gepas en kreatief.
- Ontwikkel kritiese taalbewustheid:
 - identifiseer konnotasie en denotasie in betekenis, geïmpliseerde betekenis, veelvoudige betekenis en dubbelsinnigheid;
 - ontleed manipulerende en retoriese taal en herskryf dit sonder emosionele ondertone;
 - ontleed die gebruik van woorde wat sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.
- Gebruik metataal:
 - gebruik byvoorbeeld terme soos "samehangend", "logies", "retories", "kommapunt".



HOOFSUK 5

LEERDERASSESSERING


INLEIDING

Die assesseringsraamwerk vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) is op die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys gegrond. Assessering moet op die doeltreffendste wyse moontlik 'n aanduiding van leerderprestasie verskaf en moet verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering moet leerders ook help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Ten einde die proses van leerderassessering te ondersteun, doen hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die volgende:

- omskryf die leeruitkomste en die gepaardgaande assesseringstandaarde in elke leerarea en vir elke graad in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband (Graad R–9);
- kontekstualiseer die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste binne die leeruitkomste en assesseringstandaarde;
- plaas assesseringstandaarde sentraal in die assesseringsproses in elke graad. Assesseringstandaarde beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon, asook die manier (diepte en breedte) waarop hulle hul prestasie moet toon.

Die volgende diagram illustreer die wisselwerking tussen die ontwerpselemente van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring:



ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD

Definisie

Assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie soos teen die assesseringstandaarde van die leeruitkomstegemeet. Dit vereis duidelik gedefinieerde kriteria en 'n verskeidenheid gepaste strategieë om onderwysers in staat te stel om opbouende terugvoering aan leerders te gee en om aan ouers en ander belangstellendes verslag te doen.

Kernelemente

Uitkomsgebaseerde onderwys is 'n manier van onderrig en leer wat duidelik maak wat daar van leerders verwag word om te behaal. Die beginsels waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser voor onderrig plaasvind, bepaal en noem wat leerders verwag word om te bereik. Dit is die onderwyser se taak om te onderrig ten einde leerders te help om aan die vereistes vir die assesseringstandaarde in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die assesseringstandaarde bepaal, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik in uitkomsgebaseerde onderwys, want dit is nodig om te assesser wanneer 'n leerder dit wat in elke graad vereis word, bereik het.

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, behoort assessering die volgende kenmerke te hê:

- deursigtig, demokraties, duidelik gefokus;
- geïntegreer met onderrig en leer;
- gebaseer op voorafbepaalde kriteria of standaarde;
- gevarieerd ten opsigte van metodes en kontekste;
- geldig, betroubaar, regverdig, bepaal volgens die tempo van die leerder en buigsaam genoeg om uitgebreide geleenthede te verseker.

Doelstellings van Assessering

Die hoofdoel met die assessering van leerders is om hulle individueel te laat groei en ontwikkel, om leerders se vordering te monitor en om hul leer te fasiliteer. Ander gebruike van assessering sluit die volgende in:

- *grondlynassessering van vroeëre leer*
Grondlynassessering word gewoonlik aan die begin van 'n graad of fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet. Dit stel onderwysers in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan.
- *diagnostiese assessering*
Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerstruikelblokke is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of tussentrede.
- *formatiewe assessering*
Formatiewe assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om onderwysers en leerders oor 'n leerder se vordering in te lig ten einde leer te verbeter. Opbouende terugvoering word gegee om leerders in staat stel om te groei.

- *sommerende assessering*
Sommerende assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip, soos aan die einde van 'n kwartaal of jaar of wanneer 'n leerder na 'n ander skool gaan.
- *sistemiese assessering*
Sistemiese assessering is 'n manier om die gepastheid van die onderwysstelsel te evalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband uitgevoer. 'n Verteenwoordigende steekproef skole en leerders word provinsiaal of nasionaal vir sistemiese assessering gekies.

DEURLOPENDE ASSESSERING

Kenmerke van Deurlopende Assessering

Deurlopende assessering is die belangrikste metode waarvolgens assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring plaasvind. Dit dek al die assesseringsbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en verseker dat assessering aan die volgende vereistes voldoen:

- *vind oor 'n tydperk en voortdurend plaas*: Leer word gereeld geassesseer en die rekords van leerders se vordering word regdeur die jaar bygehou.
- *ondersteun leerders se groei en ontwikkeling*: Leerders raak aktiewe deelnemers aan die leer- en assesseringsproses, verstaan die kriteria wat vir assesseringsaktiwiteit gebruik word, is betrokke by selfevaluering, stel hul eie individuele doelwitte, besin oor hul leerproses en ervaar sodoende 'n verbetering in hul selfbeeld.
- *verskaf terugvoering oor leer en onderrig*: Terugvoering is 'n kernelement in formatiewe assessering. Metodes van terugvoering sluit in: gepaste vraagstelling, mondelinge of skriftelike kommentaar deur die onderwyser wat fokus op dit wat deur 'n assesseringsaktiwiteit bereik moes word, en aanmoediging van leerders.
- *maak voorsiening vir geïntegreerde assessering*: Dit kan beteken dat etlike verwante leeruitkomstes in 'n enkele aktiwiteit gebruik word en dat verskeie assesseringsmetodes gekombineer word om te assesser. Bevoegdheid in spesifieke leeruitkomstes kan op talle verskillende maniere getoon word; dus moet 'n verskeidenheid assesseringsmetodes en geleenthede waartydens leerders hul vermoë kan toon, gebruik en verskaf word.
- *gebruik strategieë wat voorsiening vir 'n verskeidenheid leerderbehoefes maak (taal, fisiek, sielkundig, emosioneel en kultureel)*: Deurlopende assessering gee onderwysers geleentheid om sensitief vir leerders met spesiale onderwysbehoefes te wees en om leerstruikelblokke met behulp van 'n buigsame benadering te oorkom. Leerders het almal hul eie leerstyl en leer teen hul eie tempo. Alle leerders hoef nie terselfdertyd en op dieselfde manier geassesseer te word nie.

- *maak voorsiening vir sommerende assessering:* Die akkumulاسie van die resultate van deurlopende assesseringsaktiwiteite verskaf 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstop. Sommerende assessering moet van die begin van die jaar sorgvuldig beplan word ten einde 'n verskeidenheid assesseringstrategieë in te sluit – byvoorbeeld oefeninge, take, projekte, skool- en klastoetse – wat aan leerders 'n verskeidenheid geleenthede sal verskaf om te wys wat hulle geleer het.

Assesseringstrategieë

Die keuse van watter assesseringstrategieë om te gebruik, is subjektief en uniek aan elke onderwyser, graad en skool. Dit hang ook af van die onderwyser se professionele oordeel. Die beskikbaarheid van ruimte en hulpmiddels beïnvloed hierdie besluit, maar selfs wanneer eenderse hulpmiddels beskikbaar is, verskil die manier waarop onderwysers keuses maak.

Metodes wat vir assesseringsaktiwiteite gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Al die betrokke leerders en onderwysers moet ook die doel van die assessering duidelik verstaan. Bevoegdheid kan op verskeie maniere getoon word. 'n Verskeidenheid metodes is dus nodig om aan leerders geleentheid te bied om hul vaardighede ten volle te demonstree.

Algemene Assesseringstake

Die doel van Algemene Assesseringstake is die volgende:

- verseker konsekwenheid in onderwyseroordele;
- bevorder die stel van algemene standaarde;
- versterk die kapasiteit vir skoolgebaseerde deurlopende assessering;
- verhoog die akkuraatheid van die assesseringsproses en -instrumente;
- verseker dat skoolgebaseerde assesseringstake bevoegdheid en prestasie behoorlik assesseer;
- verseker uitgebreide geleenthede vir leerders.

Algemene Assesseringstake word op provinsiale, distriks- of groeperingsvlak gestel. Dit word deur onderwysers geassesseer en ekstern gemodereer.

DIE BESTUUR VAN ASSESSERING

Mense betrokke by Assessering

Die skool en die onderwysers het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die assessering van leerders. Daar word van onderwysers verwag om 'n geldige, betroubare en geloofwaardige assesseringsproses te skep. Provinsiale beleid behoort die betrokkenheid van leerders, skoolassesseringspanne, distrikshulpdienste en ouers, soos gepas, te verseker.

Skoolassesseringsprogram

Elke skool moet 'n assesseringsprogram gegrond op provinsiale en nasionale riglyne ontwikkel. Skole moet 'n skoolassesseringsplan en 'n span hê om die implementering van hierdie program te fasiliteer. Die span behoort verteenwoordigers van elke fase en leerarea daarin te hê.

Om 'n professionele benadering tot leerderassessering te verseker, moet die skool se assesseringsprogram die volgende duidelik uiteensit:

- die manier waarop deurlopende assessering beplan en geïmplementeer word;
- hoe rekordboeke/verslagboeke gehou moet word en die toeganklikheid en sekuriteit daarvan;
- die assesseringskodes wat deur die provinsie bepaal is;
- interne verifikasie van assessering;
- hoe moderering in die skool plaasvind;
- hoe dikwels rapportering plaasvind en die metode daarvan;
- die monitor van alle assesseringsprosesse;
- die opleiding van personeel ten opsigte van assessering.

Gebiede waar inskoolopleiding moet plaasvind, sluit in:

- hoe om kriteria vir assessering en assesseringstabellen te gebruik;
- hoe onderwysers in dieselfde graad op die vereistes vir die bereiking van assesseringstandaarde en leeruitkomst kan besluit;
- hoe om kommentaar vir assesseringsuitslae en rapporte te skryf;
- hoe om 'n algemene begrip van die skool se assesseringsprogram te verseker.

VERSLAGHOUDING

Verslagboeke

Goeie verslag- of rekordhouding is noodsaaklik in alle assessering, veral in deurlopende assessering. 'n Verslagboek of -lêer moet deur elke onderwyser gehou word. Dit moet die volgende bevat:

- name van leerders;
- datums van assessering;
- naam en beskrywing van assesseringsaktiwiteite;
- die uitslae van assesseringsaktiwiteite, volgens leerareas of leerprogramme;
- kommentaar vir steundoeleindes.

Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word, vertroulik wees en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees.

Die skoolassesseringsprogram bepaal die besonderhede van hoe verslagboeke ingevul moet word. Die assesseringskodes word gebruik om aan te dui hoe die leerder in terme van die leeruitkomste presteer. Die kodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir leerders en ouers wees.

Kodes vir Gebruik vir Assessering

Daar bestaan talle maniere waarop terugvoering oor assessering aan leerders gegee kan word en deur onderwysers opgeteken kan word. Die keuse van die beste manier van terugvoering vir 'n assesseringsaktiwiteit sal van verskeie faktore afhang, soos:

- die aantal leerders in die klas en die tyd wat die onderwyser beskikbaar het;
- die kompleksiteit en lengte van die assesseringsaktiwiteit;
- die leereinhoud of vaardighede wat geassesseer word;
- hoe gou terugvoering gegee word;
- hoe geïndividualiseer die terugvoering is;
- die kriteria (of assesseringstabel) wat die onderwyser gebruik om leerderprestasie te beskryf;
- of leerders se prestasie met klasmaats se prestasie of vorige prestasie vergelyk gaan word, en/of die vereistes van die assesseringstandaarde en leeruitkomst.

Sommige assesseringskodes is meer gepas vir sekere doeleindes as ander. Skriftelike kommentaar kan byvoorbeeld besonderhede verskaf, persoonlik wees en voorstelle vir verbetering verskaf. Dit is ook nuttig vir rapportering oor leerderprestasie ten opsigte van assesseringstandaarde. Dit neem egter lank om kommentaar te skryf en is nie baie maklik om op te teken nie. Kodes soos “Uitstekend”, “Baie goed”, “Goed”, “Bevoeg” en “Onvoldoende” is veel vinniger om te skryf en maak dit moontlik om prestasie met vorige werk te vergelyk en volgens assesseringstandaarde te assesseer. Hierdie kodes verskaf egter nie die besonderhede wat skriftelike kommentaar moontlik maak nie. Punte kan weer vinnig opgeteken word en opgetel, vermenigvuldig en gedeel word. Dit is nuttig wanneer leerders se prestasie in verhouding tot ander in die klas en tot ander grade of skole geassesseer word. Punte verskaf egter min inligting oor leerders se prestasie in terme van die assesseringstandaarde.

'n Paar voorbeelde van ander assesseringskodes is:

- nog nie bereik nie; deels bereik; bereik;
- uitstekende standaard; bevredigende prestasie; benodig ondersteuning;
- A, B, C;
- frases (of assesseringstabelle) wat spesifiek vir die assesseringsaktiwiteit of rapport ontwerp is.

Dit maak nie saak watter assesseringskodes gebruik word nie, terugvoering is altyd doeltreffender wanneer dit met skriftelike kommentaar gekombineer word. Wanneer leerders skriftelike terugvoering eerder as net 'n punt ontvang, is daar 'n groter kans op verbetering in hul prestasie. Alhoewel punte en persentasies baie nuttig vir verslaghouding is omdat dit maklik is om op te teken, is dit dikwels nie nuttig vir terugvoering of rapportering nie. Ander probleme wat deur punte geskep word, is dat dit saamgevoeg en gemanipuleer kan word en dat dit veel in verband met 'n leerder se prestasie en vordering verbloem. Indien leerders meer as een assesseringsaktiwiteit gedoen het, bestaan die versoeking om die punte op te tel en die gemiddeld uit te werk. Wanneer dit gedoen word, verloor punte hul nut om spesifieke inligting oor te dra. 'n Gemiddelde of saamgevoegde punt verbloem die feit dat 'n leerder in een opsig goed aan die verlangde vereiste voldoen het, maar nie in 'n ander nie.

Punte gee 'n geheelindruk van prestasie, maar gee nie aan die leerder die redes vir die assessering van die prestasie (of gebrek aan prestasie) nie. Dit gee ook nie spesifieke riglyne vir verbetering nie. Punte beskryf verder ook nie leerdervordering oor tyd heen voldoende nie. Dikwels word dit as goeie vordering beskou wanneer 'n leerder dieselfde punt as vroeër behaal (mits dit 'n bevredigende punt is). 'n Punt van 70 vir 'n graad 5-assesseringstandaard en 'n punt van 70 vir 'n graad 6-assesseringstandaard verbloem hoe die leerder tydens die jaar gevorder het. Sodanige vordering kan beter deur middel van 'n stelling, kode of skriftelike kommentaar beskryf word.

Nasionale Kodes

In die verslaghouding van of rapportering oor leerderprestasie in die leeruitkomste van 'n bepaalde graad moet die volgende kodes gebruik word:

- 4 = Leerder se prestasie het die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **ver oortref**.
- 3 = Leerder se prestasie het aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen**.
- 2 = Leerder se prestasie het **gedeeltelik** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen**.
- 1 = Leerder se prestasie het **nie** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen nie**.

Vorderingskedules

Aan die einde van elke jaar moet 'n vorderingskedule voltooi word en deur die skoolhoof en 'n departementele amptenaar onderteken word. Die vorderingskedule is 'n verslag/rekord met 'n opsomming van inligting rakende die vordering van al die leerders in die graad in die skool.

Die vorderingskedule behoort die volgende inligting te bevat:

- naam van die skool en die skoolstempel;
- 'n lys van die leerders in elke graad;
- kodes vir vordering in elke leerarea (nasionale koderingstelsel);
- kodes vir vordering in elke graad (vordering na die volgende graad of bly in dieselfde graad);
- kommentaar op sterk punte en areas wat ondersteuning in elke leerarea benodig;
- datum en handtekening van die skoolhoof, onderwyser of ander opvoeder, en departementele amptenaar.

Leerderprofile

'n Leerderprofiel is 'n deurlopende verslag wat 'n volledige beeld van 'n leerder se prestasie verskaf, insluitend die holistiese ontwikkeling van waardes, houdings en sosiale ontwikkeling. Dit help die onderwyser in die volgende graad of skool om die leerder beter te verstaan en dus gepas op haar of hom te reageer. Elke leerder se leerderprofiel moet veilig bewaar word en moet leerders deur hul skoolloopbaan vergesel.

Die volgende soort inligting behoort in 'n leerderprofiel te verskyn:

- persoonlike inligting;
- fisieke toestand en mediese geskiedenis;
- skole bygewoon en 'n rekord van bywoning;
- deelname aan en prestasie in buitemuurse aktiwiteite;
- emosionele en sosiale gedrag;
- ouerbetrokkenheid;
- areas wat ondersteuning benodig;
- opsomming van oorkoepelende rapport aan die einde van die jaar;
- opsommende verslae/rekords van skooljare.

Let Wel:

- Die leerderprofiel vervang alle vorige deurlopende verslagdokumente wat in skole gebruik is, soos verslagkaarte en Olab-kaarte. Die sentrale doel van 'n leerderprofiel is om 'n leerder by te staan deur toegang tot die verskeidenheid inligting daarin te verskaf.
- Persoonlike inligting in 'n leerderprofiel behoort nooit vir onregverdig of diskriminerende optrede teen 'n leerder gebruik te word nie.
- Leerderprofiel moenie met portefeuljes verwar word nie. 'n Portefeulje is 'n assesseringsmetode wat die leerder en onderwyser saam geleentheid bied om werk wat vir etlike assesseringsaktiwiteite gedoen is, in ag te neem. Die werk word in 'n lêer of houer geplaas. Die leerderprofiel, daarenteen, is 'n rekord wat inligting oor 'n leerder bevat.

RAPPORTE

Inligting wat in Rapporte moet Verskyn

Onderwysers moet aanspreeklik teenoor leerders, ouers, die onderwysstelsel en die gemeenskap as 'n geheel wees wanneer hulle leerders assessee. Dit vind deur rapportering plaas. Benewens skriftelike rapporte kan mondelinge of praktiese aanbiedings en uitstallings van leerders se werk ook gebruik word.

Elke rapport of verslag oor 'n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:

- die leer wat plaasgevind het;
- die leerder se bevoegdhede;
- ondersteuning wat nodig is;
- opbouende terugvoering, wat kommentaar oor die leerder se prestasie in verhouding tot klasmaats en die leerder se vorige prestasie ten opsigte van die vereistes van die leerprogramme of leerareas behoort te bevat.

Rapportering aan ouers behoort op 'n gereelde grondslag plaas te vind ten einde hul betrokkenheid en deelname aan te moedig. Onderwysers moet aan die einde van elke kwartaal formele rapporte of verslagkaarte vir rapportering gebruik.

Dit sal gewoonlik nie moontlik wees om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf.

Rapporte/Verslagkaarte

Die minimum vereistes vir 'n rapport is:

1) *Basiese inligting*

- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- geboortedatum van leerder;
- jaar en kwartaal;
- handtekening van ouer of voog en datum;
- handtekening van onderwyser en datum;
- handtekening van skoolhoof en datum;
- datum wanneer skool sluit en heropen;
- skoolstempel;
- skoolbywoningsprofiel;
- verduideliking van die kodes van die nasionale koderingstelsel.

2) *Sterk punte en behoeftes*

- Gee 'n beskrywing van die leerder se sterk punte en ontwikkelingsbehoefes of areas wat ondersteuning in elke leerarea of leerprogram benodig.
- Gebruik die nasionale koderingstelsel om prestasie teen die assesseringstandaarde en in die leeruitkomst wat tot dusver gedek is, te evalueer – dit is nie nodig om 'n kode vir elke leeruitkoms te gee nie. In die rapport aan die einde van die jaar moet die leerder se algehele prestasie in die leerareas getoon word.

3) *Kommentaar op elke leerarea of leerprogram*

- Lewer kommentaar op elke leerarea of leerprogram, spesifiek in die geval van leerders wat die vereistes oortref het of ondersteuning benodig.
- Kommentaar op spesifieke sterk punte of areas wat ondersteuning benodig, behoort met die assesseringstandaarde geskakel te word. Hierdie kommentaar sal ouers, leerders en ander opvoeders in staat stel om te begryp watter ondersteuning die leerder benodig.

NASLAANLYSTE

WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING

Hier volg 'n alfabetiese lys kernterme wat in die ontwerp van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en in die meegaande leerderassesseringsbeginsels gebruik word.

Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die tien verpligte skooljare wat uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase bestaan

Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat – sertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband verwerf word

assessering – 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie, gemeet volgens die assesseringstandaarde

assesseringstandaarde – die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te bereik

deurlopende assessering – 'n assesseringsmodel wat die integrasie van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

formatiewe assessering – hierdie vorm van assessering assesser leerdervordering deur die leerproses ten einde terugvoering te verskaf wat leer sal versterk

grondlynassessering – aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

Grondslagfase – die eerste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad R, 1, 2 en 3

integrasie – 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring wat vereis dat leerders hul kennis en vaardighede van ander leerareas of van verskillende dele van dieselfde leerarea moet gebruik ten einde take en aktiwiteite uit te voer

Intermediêre fase – die tweede fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 4, 5 en 6

kritieke uitkomst – saam met die ontwikkelingsuitkomst die kernuitkomst van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit sluit in kern-lewensvaardighede vir leerders, soos kommunikasie, kritiese denke, aktiwiteits- en inligtingsbestuur, groep- en gemeenskapswerk en evalueringsvaardighede

Kurrikulum 2005 – die eerste weergawe van die post-apartheid- Nasionale Kurrikulumverklaring. Die onderwys-beleidsdokument van 1997 verskaf ’n raamwerk vir Vroeëkindontwikkeling, Algemene Onderwys en Opleiding, Verdere Onderwys en Opleiding en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) is daarop gerig om Kurrikulum 2005 te versterk

leerareas – die agt kennisvelde in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole): Tale, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur, Lewensoriëntering, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

leerareaverklarings – die verklaring vir elke leerarea wat die leeruitkomstes en assesseringstandaarde vir daardie leerarea uiteensit

leerderprofiel – ’n omvattende verslag oor ’n leerder se vordering, insluitend persoonlike inligting, sosiale ontwikkeling, ondersteuningsbehoefes en jaarlikse rapporte

leerprogramme – programme van leeraktiwiteite, insluitend inhoud en onderrigmetodes; hierdie programme word deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) onderlê, maar deur provinsies, skole en onderwysers ontwikkel

leeruitkomstes – leeruitkomstes spruit voort uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomstes en dui aan wat leerders aan die einde van ’n graad, fase of band moet weet en in staat moet wees om te doen

nasionale koderingstelsel – ’n standaard- nasionale stelsel van prestasiekodes vir gebruik om oor ’n leerder se vordering verslag te doen

ontwikkelingsuitkomstes – saam met die kritieke uitkomstes die kernuitkomstes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit is daarop gerig om leerders in staat te stel om doeltreffend te leer en om verantwoordelike, sensitiewe en produktiewe burgers te word

portefeulje – individuele lêer of omslag van elke leerder se werk

Senior fase – die derde en laaste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 7, 8 en 9

sommerende assessering – dit verskil van formatiewe assessering aangesien dit na gereelde verslae oor ’n leerder se vordering verwys, gewoonlik aan die einde van ’n kwartaal of jaar

taal van onderrig en leer – die taal wat die meeste in ’n bepaalde leer- en onderrigomgewing gebruik word; sommige leerders ervaar onderrig en leer in ’n addisionele taal (nie hul huistaal nie)

uitkomstes – die resultate aan die einde van die leerproses in uitkomstesgebaseerde onderwys; hierdie uitkomstes help met die vorming van die leerproses

uitkomsgebaseerde onderwys – ’n onderwysproses wat prestasiegeoriënteerd, aktiwiteitsgebaseerd en leerdergerig is; in die navolging van hierdie benadering is Kurrikulum 2005 en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) daarop gerig om lewenslange leer aan te moedig

uitreevlak – wanneer leerders graad 9 voltooi en die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat verwerf

vordering – ’n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) wat die leerder in staat stel om geleidelik meer gekompliseerde, dieper en breër kennis, vaardighede en begrip in elke graad te ontwikkel

vorderingskedules – die instrument vir die aantekening van die vordering van alle leerders in ’n graad aan die einde van ’n jaar; dit sluit kodes in vir die vordering in elke leerprogram of leerarea en graad en opmerkings oor nodige ondersteuning

WOORDELYS: TALE

addisionele taal – ’n bykomende taal wat geleer word

aktiewe luister – wanneer ’n mens aandagtig luister na wat iemand sê en probeer om jouself in die spreker se posisie te plaas

assesseringstandaard – die kennis, vaardighede en waardes wat leerders teen die einde van ’n spesifieke graad moet kan toon

gebalanseerde benadering tot geletterdheid – ’n benadering wat leerders se vormende geletterdheid ondersteun, hulle aanmoedig om boeke te geniet en om op betekenis te fokus, en wat ook aan hulle tegnieke en strategieë verskaf om die kode van die geskrewe woord te ontsluit

geletterdhede – daar is verskillende soorte geletterdheid: lees en skryf; kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm); kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer); visuele geletterdheid (die lees/skryf van beelde, tekens, prente, ens.); mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe)

geletterdheid – die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf; dit is ’n deel van ’n algemene vermoë om sin van ’n mens se wêreld te maak

holistiese benadering tot taal – ’n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

huistaal – die taal wat kinders leer deur by die huis en/of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; meer as een taal kan op hierdie manier geleer word; kinders kan dus meer as een huistaal hê

klankbewustheid – die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van 'n taal te onderskei

kodewisseling – om vir 'n spesifieke doel van een taal na 'n ander oor te slaan, soos om ander in te sluit, respek vir mense se taal te toon

konteks – die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

leeswoordeskat – woorde wat 'n leser in konteks verstaan. Sommige van hierdie woorde is deel van 'n leser se *aktiewe woordeskat* (woorde wat hulle gebruik); ander is deel van hul *passiewe woordeskat* (woorde wat hulle in konteks verstaan, maar nie goed genoeg ken om te gebruik nie)

modus – daar is verskillende modusse van kommunikasie – die geskrewe modus, die gesproke of mondelinge modus, die visuele modus (wat grafiese vorms soos tabelle insluit). Die vermoë om inligting van een modus na 'n ander te verander (soos om 'n grafiek te gebruik om 'n teks te skryf, om inligting uit 'n mondelinge teks te gebruik om byskrifte by 'n prent te skryf), is 'n baie belangrike deel van taalleer

multimedia – 'n geïntegreerde reeks modusse wat teks, visuele materiaal, klank, video, ens. kan insluit

multimodale tekste – tekste wat van meer as een kommunikasiemodus (soos klank, druk, beelde) gebruik maak

outentieke tekste – tekste wat in die ware wêreld gebruik word, soos tydskrifartikels, koerantberigte, radio- of televisieopnames, advertensies, verpakkingsetikette, brosjures, vorms, briewe

raam – 'n tydelike steun vir skryf of praat; die onderwyser kan byvoorbeeld die volgende raam vir 'n gedig verskaf:

Rooi is die kleur van woede
 Rooi is die kleur van bloed
 Rooi is die kleur van gevaar
 Rooi is die kleur van liefde

____ is die kleur van ____
 ____ is die kleur van ____
 ____ is die kleur van ____
 ____ is die kleur van ____

register – die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word; amptelike dokumente word byvoorbeeld in 'n formele register geskryf, regsdocumente in 'n regsregister

soeklees – om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy 'n naam of nommer in 'n telefoongids soek of 'n trein- of busrooster raadpleeg

standaard – die standaardvariëteit van 'n taal is die vorm wat in koerante, amptelike dokumente, taalboeke, woordeboeke en in die meeste boeke gedruk word; dit is nie noodwendig die beste vorm van die taal nie, maar is die vorm wat om historiese en/of politieke redes as die standaardvariëteit aanvaar is

teikengroep – die persoon of persone op wie 'n spesifieke teks gerig is, d.w.s. die persone wat daarna sal luister of kyk of dit sal lees

teks – enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie wat die opsetlike gebruik van taal behels

toevoegende veeltaligheid – wanneer 'n mens 'n taal of tale benewens jou huistaal aanleer; dit vervang nie die huistaal nie, maar word saam met dit geleer

visuele diskriminasie – onderskeid tref tussen die vorm van verskillende letters en woorde

vluglees – om 'n teks baie vinnig te lees om 'n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

vormende geletterdheid – dit verwys na 'n kind se groeiende kennis van die gedrukte woord. Kinders sien gedrukte teks in die omgewing en begin die doel daarvan verstaan. Wanneer stories aan hulle geles of vertel word, leer hulle hoe stories werk en wat boeke is. Selfs voordat hulle skool toe gaan, weet hulle dus dikwels reeds baie. Hulle mag hul eie idees van letters en spelling gebruik om hul naam te probeer skryf (vormende spelling), hulle kan maak asof hulle 'n boek lees (vormende lees). Dit is die begin van kinders se geletterdheid

vreemde taal – 'n taal wat buite 'n land se grense gepraat word; Frans is byvoorbeeld 'n vreemde taal in Suid-Afrika

woordbank – 'n versameling nuwe woorde

